

Nr./No. 87

APRIL 1985

# Pretoriana



TYDSKRIF

JOURNAL

VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

OF THE OLD PRETORIA SOCIETY

Prys R 3,00 Price

## INHOUDSOPGawe / TABLE OF CONTENTS

bladsy/page

<b>Van die Redakteur /Editorial</b>	<b>2</b>
<b>Lys van bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria, 1 Maart 1985</b>	<b>4</b>
<b>Pretoriania - Africana</b>	<b>4</b>
Onthulling van die gedenktekens op die Booysen- begraafplaas - Inleiding van die Redakteur	5
<b>C.J. van Heerden</b> (Raadslid), Toespraak by die onthulling van die Booysen-grafte in Claremont, Pretoria	6
<b>H.C. Petrick</b> , Onthulling van die gedenksteen en graftene van die Booysen-Voortrekkergrafte, Claremont, Pretoria, 17 November 1984	6
<b>C. de Jong</b> , Lewe en bedryf van Samuel Marks, 1843-1920	15
<b>B. Cronjé</b> , Zwartkoppies Hall, die huis van Samuel Marks	21
<b>Jan van Schaik</b> , J.L. van Schaik - So het ek my vader geken	26
<b>J. Ploeger</b> , Die takke van die boekwinkel van die firma Höveker en Wormser te Pretoria en Potchefstroom	32
<b>Mrs. D. Maguire</b> , The Cathedral Church of Saint Alban the Martyr in Pretoria	36
<b>T.E. Andrews</b> , The Old Cemetery in Pretoria (2)	41
Verslag van die herdenking van Koningin Wilhelmina te Pretoria in 1980	48
<b>C. de Jong</b> , Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (2) - Die ou NZASM-Goederekantoor, Railwaystraat, Pretoria	48
<b>C. de Jong</b> , Gedenktekens vir minder bekende persone in en om Pretoria (1) - Ds. Dirk van der Hoff	51
<b>J. Ploeger</b> , Uit die voorgeschiedenis van die oprigting van 'n universiteit in Pretoria, 1896-1897	53
<b>C. de Jong</b> , Paul Kruger en die Oranjes	56
<b>G.R. Mulder</b> , Ken u Omgewing, Hartbeespoortdam	57

## VAN DIE REDAKSIE

'n Hoogtepunt vir die Genootskap Oud-Pretoria in 1984 was die onthulling van die gerestoureerde grafstene van die familie Boysen in die Pretoriase voorstad Claremont. Ons bestuurslid prof. Hans C. Petrick verdien naas ander lede groot dank vir sy inspanning om die grafte te restoureer. Sy redevoering en die burgemeester se toespraak by die onthulling op 17 November 1984 is dan ook besondere bydraes in hierdie uitgawe, *Pretoriana* No. 87.

Dr. B. Cronjé, direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opgelugmuseum (NASKO), het 'n artikel oor Zwartkoppies, die plaaswoning van Samuel Marks, bygedra. Dit is sedert 1984 onder die hoede van NASKO en word nou as huismuseum ingerig.

Samuel Marks was 'n kleurryke persoon en van groot betekenis vir die ekonomiese ontwikkeling van Transvaal. Daarom het Dr. C. de Jong 'n skets van sy herkoms uit Rusland en Brittanje, sy loopbaan in Suid-Afrika en sy karakter geskryf. Dit gaan aan Dr. Cronjé se artikel vooraf.

Van Mn. Jan van Schaik is sy openhartige karakterbeskrywing van sy vader Johannes Lambertus, stigter van die boekhandel en uitgewery J.L. van Schaik te Pretoria, afgedruk. Dr. J. Ploeger het bygedra met 'n artikel oor die voorloper van J.L. van Schaik, dit was die boekhandel Höveker en Wormser. Dit sluit aan by sy uitvoerige artikel oor J.L. van Schaik se bedryf in 1914-1984 in *Pretoriana* No. 86.

Mrs. D. Maguire deel besonderhede mee oor die Saint Alban's Cathedral, een van die mooiste bouwerke van Herbert Baker.

Uit die publikasie van Mr. T.E. Andrews *Pioneer sketches* (Pretoria, May 1983) is mededelings oor persone wat in die Ou Begraafplaas aan Kerkstraat-Wes rus, oorgeneem. Hierdie plek is soos 'n oopgeslange geskiedenisboek van Pretoria.

Kort aantekeninge is bygevoeg om *Pretoriana* No. 87 volledig te maak. Dit is bydraes in die reeks 'Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria' en 'Gedenktekens vir minder bekende persone in en om Pretoria', 'n aankondiging van die Verslag van die herdenking van Koningin Wilhelmina te Pretoria in 1980, Paul Kruger en die Oranjes, die voorgeschiedenis van die stigting van 'n universiteit in Pretoria in 1896-1897 en 'n artikel oor Hartbeespoortdam.

Pretoria het soos ander stede letterkundiges geïnspireer tot lofprysing en ook kritiek in digvorm en prosa. Ek wil graag van hul indrukke van ons stad in *Pretoriana* opneem en nodig die lesers uit om my hul uitlatings of verwysings daarna te stuur.

## EDITORIAL

A highlight for the Old Pretoria Society in 1984 was the unveiling of the restored tombstones of the Booyens family in the Pretorian suburb of Claremont. Our board member, professor Hans C. Petrick, and other members deserve many thanks for the restoration of these graves. His speech and the mayor's address preceding the unveiling on 17 November 1984 are valuable contributions to this issue, *Pretoriana* Nr. 87.

Dr. B. Cronjé, director of the National Cultural History and Open-Air Museum (NASKO), has contributed an article on Zwartkoppies Hall, the manorhouse of Samuel Marks. This building has been in the care of NASKO since 1984 and is being renovated as a housemuseum.

Samuel Marks was a colourful character and of great significance to the economic development of Transvaal. Therefore Dr. C. de Jong has added a sketch of Marks' origin in Russia and Britain, his career in South Africa and his character.

The frank character sketch by Mr. Jan van Schaik of his father, Johannes Lambertus, founder of the bookstore and publishing company of J.L. van Schaik at Pretoria, is reprinted here in full. Dr. J. Ploeger has contributed an article on the forerunner of J.L. van Schaik, the book and stationary shop of Höveker en Wormser. This is a sequence to his extensive article on J.L. van Schaik's enterprise in 1914-1984 in *Pretoriana* Nr. 86.

Mrs. D. Maquire gives particulars of Saint Alban's Cathedral, one of the finest works of the architect Herbert Baker.

From Mr. Tom Andrews' publication *Pioneer Sketches* (Pretoria, May 1983) information on persons, buried in the Old Cemetery in Church Street, is borrowed. This place is like an open history book of Pretoria.

Notes have been added to complete *Pretoriana* Nr. 87. They are short articles in the series 'Memories of the NZASM in and around Pretoria' and 'Monuments for lesser known persons in and around Pretoria', a reference to the appearance of the report on the celebration of Queen Wilhelmina's birthday in Pretoria in 1980, Paul Kruger and the Oranges, the prehistory of the founding of a university in Pretoria in 1896-97, and an article of Mr. G.R. Mulder on the Hartbeespoortdam.

Like other cities, Pretoria has inspired authors to praise and to criticize it in poetry and prose. I would like to print selections of their impressions of our city in *Pretoriana*. Therefore I invite readers to send me poems and extracts of publications written about Pretoria, or advise me where these publications may be traced.

## LYS VAN BESTUURSLEDE VAN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA OP 1 MAART 1985

Dr. N.A. Coetzee	voorsitter
Mnr. W.J. Punt	ondervoorsitter, belas met bewaring
Mev. M.L. Willmer	sekretaresse, belas met skooltuine
Mev. Y. Vermaak	assistent-sekretaresse
Mnr. T.E. Andrews	Nuusbrief
Mev. M. Andrews	organisasie van toere
Mev. A. Dreyer	argief
Dr. C. de Jong	redaksie van 'Pretoriana'
Mnr. N. Lemmer	forte in en om Pretoria
Prof. H.C. Petrick	bewaring van begraafphase
Mnr. M. van Niekerk	omgewingsbewaring
Mnr. M. Emms	byeenkomste
Mnr. S. de K. Venter	

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.

### *PRETORIANA – AFRICANA*

Aanbod van uitgawes van *Pretoriana* van vroeë en onlangse datum

Hoeveel geskiedenisboeke kan U vir R20,00 koop?

Miskien een, wat bestaan uit nog nie eens 200 bladsye nie.

Hoeveel Africana-boeke kan U vir R20,00 koop?

Waarskynlik nie eers een nie.

Hoeveel *Pretoriana*'s kan U vir R20,00 koop?

Tenminste 80 uitgawes met meer as 2500 bladsye propvol met geskiedenis, foto's, belangrike data en kostelike stories.

Daar is stelle *Pretoriana*'s met uitgawes vanaf die vroeë jare vyftig, by die Genootskap beskikbaar. Skryf 'n briefie aan Anton Jansen, Posbus 33704, Glenstantia 0010, Pretoria, of nog makliker, skakel sy kantoornummer 70 6456 of na kantoortyd 47 5838 om 'n stel *Pretoriana*'s te bestel.

Afsonderlike nommers is ook beskikbaar VANAF R0,50 per eksemplaar.

## **ONTHULLING VAN GEDENKTEKENS OP DIE BOOYSEN-BEGRAAFPLAAS**

### **Inleiding van die Redakteur**

Op Saterdag 17 November 1984 het ongeveer 100 persone byeengekom op die ou begraafplaas van die familie Booysen aan Van der Hoffweg in Claremont, Pretoria, tussen woonerwe nommer 979 en 991. Die doel van die byeenkoms was die onthulling van replika's van twee Voortrekkergrafstene wat weens ouderdomsverwering vervang moes word. Een grafsteen was dié van Jan Jonathan Booysen, 1833-1880, die ander steen was van sy eggeneote Christina Maria Dreyer-Booysen gebore Hermann, 1837-1893, wat ná Booysen se dood met ene Dreyer getroud is. Behalwe die twee replika's sou ook 'n gedenksteen vir die begraafplaas, wat deur AVBOB geskenk is, onthul word.

Hierdie plegtigheid was die bekroning van ongeveer 20 jaar bemoeienis deur die Genootskap Oud-Pretoria met die begraafplaas en van  $2\frac{1}{2}$  jaar in-spanning deur die bestuurslid professor Hans Petrick. Hy het baie navorsing en moeite gedoen om die geskiedenis van die familie Booysen na te gaan en om die replika's en die gedenksteen te bekom. Van sy navorsing is sy artikel 'Maria Elizabeth Prinsloo gebore Booysen' in *Pretoriania* No. 85, 1984 No. 1, die resultaat.

Aanwesig was die burgemeester van Pretoria, Raadslid C.J. van Heerden, en sy eggeneote, voorts Mevrou Maria E. Prinsloo as oudste lewende lid van die familie Booysen en kleindogter van die Voortrekker Jan Booysen, vele ander verteenwoordigers van die familie, die voorstander van die Genootskap, Dr. N.A. Coetzee, ander lede van die Genootskap en Mn. Van Wyk as verteenwoordiger van AVBOB.

Van die toesprake volg hier die burgemeester se treffende rede en prof. Petrick se verslag van sy navorsing en dankbetuiging.

Die begraafplaas meet 17 by 20 meter en word beskadu deur hoë bloe-kombome. Die stilte van hierdie ou Voortrekkerbegraafplaas kontrasteer opvallend met die geraas van die snelverkeer oor die besige Van der Hoffweg. Die vervange grafstene is stukkend en sal weer aanmekaar gevoeg word en 'n waardevolle bestemming kry.

Die Genootskap mag trots wees op die restourasie van die vergete en verwaarloosde Voortrekkergrafe aan die Van der Hoffweg.

**Onthulling gedenksteen Booysen-grafte, Claremont :** Toespraak van burgemeester (Rld) C.J. van Heerden op Saterdag 17 November 1984 om 09h30 te Van der Hoffweg, Claremont, Pretoria.

*Geagte Dr. Coetzee (voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria) en ander bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria, Raadslid Davies, Mnr. du Plessis (besturende direkteur van AVBOB)\*, alle lede van die Genootskap Oud-Pretoria, nakomelinge van die Booysen-Voortrekkers, ander gaste, dames en here.*

*Dit is vir my vanoggend 'n besondere voorreg om hierdie geskiedkundige geleentheid met elkeen van U te kan meemaak en ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om vir Dr. Coetzee en die Genootskap Oud-Pretoria baie hartlik te bedank vir die vriendelike uitnodiging aan my en my eggeneote. Aan u versoek dat ek by hierdie geleentheid 'n paar woorde namens Pretoria en sy inwoners spreek, voldoen ek met graagte.*

Pretoria is 'n stad wat by uitnemendheid bekend is vir sy besondere noue verbintenis met die wel en wee van die Afrikanernasie in Suid-Afrika. In en om ons stad is daar talle monumente en simbole wat ons daagliks herinner aan dit wat ons voorvaders met groot moeite en groot selfopoffering tot stand gebring het. Hulle het naamlik aan ons as Pretorianers 'n stewige grondslag verskaf, fisies sowel as geestelik, waarop ons kon voortbou en waarop elke Pretorianer vandag sekerlik baie trots is.

*Ek glo natuurlik, soos die Genootskap Oud-Pretoria, dat 'n mens se geskiedenis en sy kultuурgoedere een van sy kosbaarste besittings is wat ten alle koste bewaar moet word. Ek glo inderdaad dat 'n volk of 'n stad, in hierdie geval, se beskawingspeil gemeet kan word volgens die mate waartoe die historiese geéer word.*

*Ek spreek namens al die inwoners van Pretoria wanneer ek vir die Genootskap Oud-Pretoria baie hartlik bedank vir die voortreflike bewaringswerk wat hulle hier in Pretoria verrig. In die besonder wil ek u vanoggend bedank vir u ywer en deursettingsvermoë wat vandag bekroon word met die onthulling van die gedenksteen hier by die Booysen-Herman Pioniersgrafte. Ek kan u verseker dat hierdie gebeurtenis vir ons as Pretorianers, en veral vir die inwoners van die twee voorstede, Booysens en Hermanstad, wat na hierdie twee pioniersfamilies vernoem is, van besondere betekenis is. In conclusion I would like to thank all members of the Society Old Pretoria for their personal effort and financial contribution towards preserving these historical graves. I can assure you that your endeavour is indeed greatly appreciated.*

*Thank you.*

**Onthulling van die gedenksteen en grafstene van die Booysen-Voortrekker-grafte, Claremont, Pretoria, 17 November 1984 :** Rede gelewer deur H.C. Petrick.

*Geagte Meneer die Seremoniemeester, u Edelagbare Burgemeester van Pretoria, die Agbare Stadsraadslid van Claremont, Nakomelinge van die Booysen-voortrekkers, Dames en Here.*

*Dit is vir my 'n besondere eer om by geleentheid van die onthulling van hierdie gedenksteen en grafstene, 'n paar woorde tot u te rig. Toe ek sowat 2½ jaar gelede tot die bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria verkies is, is aan my opgedra om navorsing te doen oor ou grafte in en om Pretoria en die gegewens in dié verband te dokumenteer. Van die eerste grafte wat ek besoek het, is hierdie grafte waar ons vandag staan. Die terrein het egter nie gelyk soos u dit vandag sien nie, dit was in uiterste verwaarlozing, dit was 'n stortingsterrein van bou- en tuinafval en was begroei met allerhande bome, struiken en onkruid. Maar tussen dit alles kon mens twee grafstene onderskei. Die grafstene was baie verweer en dit was al moeilik om al die gegewens te ontsyfer. Dit was die grafstene van Jan Jonathan Booyesen en sy vrou Christina Maria Dreyer-Booyesen, gebore Hermann. Die inskripsies op die grafstene het soos volg gelui:*

Jan Jonathan Booyesen  
Geboren 2 September 1833  
Overleden 20 Augustus 1880  
Een van de Voortrekkers 1836  
en  
Christina Maria Dreyer Booyesen  
Geboren Hermann  
Geboren 13 Mei 1832  
Overleden 20 Augustus 1895  
Een van de Voortrekkers 1836

*Wat dadelik opgeval het, is die woorde op elke grafsteen, Een van de Voortrekkers 1836. Nadat ek aan die bestuur van die Genootskap verslag gedoen het, is aan my opgedra om die inisiatief te neem om dié verwaarloosde geskiedkundige grafte te restoureer.*

*Om so 'n opdrag uit te voer vereis twee belangrike sake, te wete die verkryging van toestemming van die eienaar of serwituuthouer oor die terrein en tweedens die nodige fondse.*

*My eerste taak was om uit te vind wie die wettige eienaar of serwituuthouer van hierdie begraafplaas is. Dit was 'n baie moeilike taak. Navraag by die munisipaliteit het op niks uitgeloop nie. Ek het my vervolgens tot die pers gewend en 'n kort artikel met foto's gepubliseer. Ons het toe hierop reaksie gekry van 'n agterkleinseun in Bethal. Hy en sy broer boer tussen Ogies en Bethal en ek het toe besoek gaan afle by die broers, Mnre. J.J. en P.A.O. Booyesen. Ons is gul op die plaas ontvang. Hulle het my meegedeel dat die Voortrekker Jan Jonathan Booyesen en sy vrou onder andere twee seuns gehad het waarvan een Jan Booyesen was, die oupa van die broers Booyesen. Hulle kon my geen verdere informasie oor die eienaarskap van hierdie begraafplaas versprek nie, maar het my voorstien van die name, adresse en telefoonnummers van ander familielede met wie ek toe kontak gemaak het.*

*Ek het vervolgens besoek afgelê by twee agterkleindogters, naamlik Mev. Bettie von Maltitz en Mev. Tilly van Wyk van die plaas Wonderboom wat aan hulle grootvader Jan Booyesen, seun van die Voortrekker Jan Jonathan*

*Booysen, behoort het. Hier het ek ook waardevolle inligting bekom wat my gelei het na Bronkhorstspruit waar ek Mev. Bettie Prinsloo, woonagtig by haar dogter Mev. van Zwamm, en reeds oor die 90 jaar oud, kleindogter van die Voortrekkerpaar Booysen, besoek het. Hoewel baie bejaard, is die geheue nog helder en was dit 'n belewenis om met haar 'n onderhoud te kon voer. Wat besonder interessant is, is dat sy as klein dogtertjie hier by haar ouma se begrafnis teenwoordig was. Sy het egter haar oupa nie geken nie aangesien hy al voor haar geboorte oorlede is. Mev. Prinsloo het my egter op die spoor gebring van Mev. Hettie Booysen, ook van Bronkhorstspruit, weduwee van J. Booysen wat volgens oorlewing die eienaarskap van hierdie begraafplaas gehad het. Sy het my meegedeel dat haar oorlede skoonvader sou gesé het dat hy die begraafplaas aan Die Voortrekkers geskenk het met die doel om die grafte te versorg. Ek het toe navraag gedaan by die sekretaris van die Transvalse Voortrekkers, maar daar kon geen dokumente of enige aanduidinge in dié verband gevind word nie. Hier het my soektog toe doodgeloop sonder dat ek enige bevestiging van die eienaarskap kon vind nie. Die navorsing was in elk geval waardevol omdat ek heelwat inligting oor die Booysenfamilie kon inwin. Hierop kom ek weer terug.*

*Die Genootskap Oud-Pretoria het toe besluit om met die restourasie voort te gaan. Die volgende stap was om fondse vir dié doel in te samel. Ons het aan familielede geskryf en ook die saak in die pers gestel, fondse op dié wyse bekom was egter nog heeltemal ontoereikend en elders moes nog fondse gesoeek word. Daar is toe op ons maandelikse bustoere vir dié doel gekolleerde en langs hierdie weg het die lede van die Genootskap oor 'n tydperk van 2 jaar vir die restourasie bygedra en wil ons vandag aan hulle baie dankie sê.*

*AVBOB het die gedenksteen aan ons geskenk en goedgunstig die twee grafstene teen 'n baie billike prys vir ons vervaardig. Hiervoor is ons hulle baie dank verskuldig.*

*Die omheining teen die straatkant van die begraafplaas is opgerig deur A.J. Konstruksies en ons is Mnr. Anton Jansen baie dank verskuldig daarvoor, die materiaal kom uit die Pretoriase Restourasiebank.*

*Dan moet ek ook noem dat enkele persone persoonlik hulp kom aanbied het, ek dink hier veral aan die bestuur van die Genootskap wat op 'n Saterdag eiehandig hier kom opruim het; ek gaan nie name noem nie, maar ek moet aan hulle baie dankie sê.*

*Enige verdere finansiële bydraes sal op hierdie stadium baie verwelkom word, aangesien daar nog kostes is wat betaal moet word.*

*Maar die vraag waaroer dit veral vandag hier gaan is: 'Wie was hierdie Booysens?' Ongelukkig is gegewens oor hulle min en onvolledig, maar ek kan die volgende aan u meedeel:*

*Uit gegewens, wat ek in die argief in Kaapstad ingewin het, blyk dat die van Booysen beteken Seun van Booye of Boye ('n Friesse mansnaam).*

*Die stamvader van die Booysens in Suid-Afrika was ene Boy Booysen, afkomstig uit Barlt in Dithmarschen, gebore in 1640 en oorlede in 1743*

*in die ouderdom van 103 jaar. Hy was 'n burger in Stellenbosch en sedert 1688 in Drakenstein. Hy is op 10-6-1691 getroud met Hermina van Nes, afkomstig van Wyk-by-Duurstede, Nederland. Uit dié huwelik is daar 5 kinders gebore, waarvan een die naam Gerrit Booysen gedra het. Hy was ook burger in Drakenstein en is op 20-2-1735 met Johanna Durand getroud en hulle het 10 kinders gehad. Een van dié kinders se naam was Jan wat weer 'n seun met die naam Jan Jonathan Booysen gehad het. Dit was die eerste keer dat die name Jan Jonathan in die geslagsregister voorkom. Jan was reeds op hierdie stadium 'n Booysennaam terwyl Jonathan van moederskant kom.*

*Hierdie eerste Jan Jonathan Booysen (doopdatum 11-7-1779) was 'n burger in Graaff-Reinet en trou op 28-5-1797 met Judith Cornelia Therese Viljoen. Uit hierdie huwelik is onder andere 'n seun Jan Hendrik (doopdatum 1-7-1798) gebore. Volgens die patroon van naamgewing was hy waarskynlik die vader van Jan Jonathan Booysen, die Voortrekker wat hier begrawe is.*

*Oor die Voortrekker Jan Jonathan Booysen is min bekend. Gedurende die Groot Trek en daarna is min gegevens opgeteken. Behalwe wat daar oor sy afkoms bekend is, is dit ook bekend dat hy op 2-9-1833 gebore is, waarskynlik in Graaff-Reinet, en dat hy as jong seun die Groot Trek meegemaak het.*

*Die stamvader van die Hermanns was Johann Zacharias Hermann wat in 1767 uit Dedeleben hier aangekom het. Hy was soldaat en burger tot 1776 en is op 31-3-1776 getroud met Aletta Maria Fick. Uit die huwelik is 9 kinders gebore. Uit gegevens tot my beskikking is dit nie duidelik hoe die verdere genealogie van die Hermanns daar uitsien nie en ek kan u dus nie meer besonderhede verstrek aangaande die herkoms van Christina Maria Dreyer-Booysen nie, behalwe dat sy op 13-5-1832 gebore is nie. Sy moes dus ook as jong dogtertjie die Groot Trek meegemaak het.*

*Wat nou verder van belang is, is dat hierdie egpaar Booysen van die vroegste inwoners van hierdie gebied in Pretoria was. 'n Ou kaart van Pretoria en omstreke, wat in 1911 gepubliseer is, toon aan dat etlike plase in hierdie gebied aan lede van die Booysen- en Hermann-families behoort het. U dra ook kennis van die woongebiede Booysens en Hermanstad in hierdie omgewing, wat na hierdie mense vernoem is.*

*Hoewel daar min oor Jan Jonathan Booysen en sy vrou Christina Maria Dreyer-Booysen geboekstaaf is, is dit duidelik dat hulle pioniers in die vroeë geskiedenis van Pretoria was; hulle was dit ook op kulturele gebied. In 'n ongepubliseerde manuskrip onder die titel: 'Ou Prinsloo Familie', 1975, op bladsy 14 lees ons byvoorbeeld die volgende: 'Aan vermaak het dit voorwaar nie in Pretoria ontbreek nie. Naby die teenswoordige Booysenthalte, Hercules, Pretoria, het die talentvolle Jan Booysen en sy ewe begaafde vrou, 'n nooi Hermann, gewoon, waar gereeld sangaande gehou is'.*

*Uit hierdie egpaar is daar volgens Mev. Maria Elizabeth Prinsloo, 'n kleindogter en woonagtig in Bronkhorstspruit, die volgende 10 kinders gebore:*

Cornelis Hermanus (Kerneels)  
Jacoba  
Jan  
James Jones Herman  
Zacharias Johannes Arnoldus (Hansie)  
Catharina  
Christina Maria  
Johanna (Jeanny)  
Meintjie (Mientjie of Jacomina) en  
een kind wat vroeg oorlede is.

*Een van hierdie kinders, naamlik Jan Booyzen, het op die plaas Wonderboom gewoon. Sy huis staan vandag nog daar en word tans deur een van sy kleindogters bewoon. Hy is op Wonderboom begrawe. Jan Booyzen was veldkornet in die Zuid-Afrikaansche Republiek en was in bevel van die wyk Apiesrivier.*

*Die Voortrekker Jan Jonathan Booyzen is op 20-8-1880 op 47-jarige ouderdom oorlede. Sy vrou is daarna met eine Dreyer getroud. Na haar dood op 20-8-1895 is sy hier by haar eerste man begrawe.*

*Meneer die Seremoniemeester, ek wil afsluit, maar voor ek dit doen, moet daarvan melding gemaak word dat ons nie met sekerheid weet hoeveel persone in hierdie begraafplaas begrawe is nie; daar is aanduidinge van nog graftes behalwe dié van die Booyzen-egpaar.*

*Ek meen dat ek aan u, by wyse van hierdie inligting oor die Booyzen-egpaar wat hier begrawe lê, aangetoon het dat hulle pioniers van hierdie omgewing en dus ook van Pretoria, was. Ons dra dan hierdie gedenksteen en die gerestoureerde grafte op aan hulle nagedagtenis met die wens dat hierdie plek netjie bewaar sal bly vir die nageslag. Ek dank u.*

#### Bronne:

1. Onderhoude met die volgende persone:  
Mev. Bettie von Maltitz  
Mev. Tilly van Wyk  
Mnr. J.J. Booyzen  
Mev. Elizabeth Prinsloo  
Mev. Hettie Booyzen.
2. De Villiers C.C. 1966. *Geslagsregisters van die ou Kaapse families*. Hersien deur C. Pama. Kaapstad/Amsterdam: A.A. Balkema.
3. Ou Prinsloo Familie. 1975. Ongepubliseerde manuskrip. Pretoria.
4. Pama, C. 1983. *Die groot Afrikaanse familienaamboek*. Johannesburg/Kaapstad/Pretoria: Human en Rousseau.
5. Petrick H.C. 1984. Maria Elizabeth Prinsloo (gebore Booyzen), *Pretoriania* nr. 85, Maart, p. 32-35


#### Verwysing

- \* Mn. du Plessis het hom laat verteenwoordig deur Mn. van Wyk - Redakteur.

*FOTOBEELED VAN DIE RESTOURASIEPOGING  
EN ONTHULLING*



*'n Gebreekte grafsteen, die inskripsie skaars nog leesbaar.*




*Prof. Petrick, Raadslid van Heerden, Dr. Coetzee en  
Mev. van Heerden nadat die gedenksteen deur Raadslid  
van Heerden, Burgemeester van Pretoria, onthul is.*



*Die geleentheidsrede word gelewer deur Prof. Petrick.*



*Lede van die Booyens- en Hermannfamilies wat die onthullingsplegtigheid bygewoon het. Sittende is Mev. M. Prinsloo (gebore Booyens) 'n kleindogter van die Booyensoortrekkers.*



*Mev. Prinsloo lê 'n krans op die graf van haar grootmoeder wie se begrafnis sy as jong dogtertjie bygewoon het.*



*Die gedenksteen opgerig op die terrein.*



*Die voltooide gerestoureerde Booysegrafte.*

## LEWE EN BEDRYF VAN SAMUEL MARKS, 1843-1920

deur C. de Jong

Verskeie bouwerke in en by Pretoria herinner nou nog aan die vooraanstaande Joodse sakeman Samuel Marks, deur sy vriende Sammy genoem. Ek vermeld hier sy plaaswoning Zwartkoppies ten ooste van Pretoria, waaroer Dr. B. Cronjé die hierna volgende artikel geskryf het, die standbeeld van president Kruger op Kerkplein wat deur Marks geskenk is, die spuitfontein wat hy geskenk het toe Kruger se beeld geen plek op Kerkplein gekry het nie en wat nou in die Nasionale Dieretuin aan die Boomstraat staan, die Lewis-en-Marksgebou of Metro Cycle Building teenoor die Staatsteater, die Lewisgebou teenoor die Ou Raadsaal wat na Marks se vennoot Isaac Lewis genoem is en in 1984 gesloop is, en die vroeëre sinagoge aan Paul Krugerstraat wat met 'n groot bydrae van Marks gebou is.

Hy is die vader van die Transvaalse nywerheid genoem en was by pro-Boer en pro-Brit, by Jood en nie-Jood gewild. Daarom is dit merkwaardig dat van hom nog geen lewensbeskrywing van enige omvang verskyn het nie. Gelukkig berig Marian Robertson in haar artikel 'Die Sammy Marks-dokumente - 'n skatkis vir historici' in *Buurman* van Desember 1984 dat Marks se nagelate dokumente in die Kaplansentrum te Kaapstad nou ontsluit word en 'n biografie van hom geskryf sal word.

Volgens verwagting sal die plaashuis Zwartkoppies Hall in 1985 as huis-museum van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum (NASKO) te Pretoria geopen word. Dit verskaf 'n gepaste aanleiding om oor hom te vertel.

### Die Litouse Jode

Marks was een van die talle Jode wat uit Litoue na Suid-Afrika gekom het. Litoue lê aan die Oossee, was vroeër 'n deel van Pole en van 1793 - die jaar van die derde en volledige verdeling van Pole deur sy buurlande - tot die Rewolusie in 1917 'n provinsie van die Tsareryk. Die Jode se posisie as etniese en godsdiensstige, ekonomies bedrywige minderheid in die Russiese ryk was moeilik en op sy beste onseker. Hul geboortesyfer en aanwas was hoog, maar regeringsmaatreëls het hul bestaan bemoeilik. In 1791 het 'n oekase of keiserlike dekreet hul woongebied beperk tot 4% van die ryk se gebied, in hoofsaak tot die westelike provinsies, onder meer Litoue, tot 'the Pale of settlement'. Hulle moes in talle dorpe en stede in afgeskeie wyke (ghetto's) woon. Nuwe oekases het hulle somtyds op kort termyn uit bepaalde landstreke verwyder. Onder die liberale Tsaar Alexander II (1855-1881) is die Jode se lot versag, maar onsekerheid daaroor het gebly. Talle skole en universiteite en beroepe, soos boer, owerheidsdienaar en offisier, was vir hulle gesluit.

By hierdie maatreëls het rampe wat die hele Russiese volk getref het, gekom, soos misoeste, hongersnode, oorstromings en groot brande omdat die meeste huise van hout was. Daarom het in die middel van die 19de eeu 'n uittoog van Jode na die Weste en oorsee begin. Die Eksodus is bespoedig deur die 'pogroms' (Jodevervolgings) in 1881. Toe is Tsaar Alexander vermoor en vele Russe het die Jode die skuld daarvan gegee en 'n 'Krisallnacht' en erger ontketen. Die vervolging het hoofsaaklik in die Oekraïne en Warskou plaasgevind. Dit het in 1884 grotendeels opgehou, maar talle Jode in Rusland het aan emigrasie begin dink. Die uittoog het toegeneem tot die Wêreldoorlog dit in 1914 beëindig het.<sup>1</sup>

Tenminste die helfte van die Jode uit Rusland het uit Litoue gekom, omdat die Jode daar talryk was en die Oossee en Duitsland naby was. Van die Jode uit Litoue, Litvaks genoem, was dié uit die provinsie Suwalki opvallend talryk. Een van hulle was Samuel Marks.

Die meeste Jode uit Rusland het na 'n verblyf in Wes-Europa verder na die Verenigde State getrek. Van die origes het 'n opmerklik groot deel in Suid-Afrika beland. Die aanleiding daartoe kan toeval gewees het, byvoorbeeld dat 'n groep Litvaks geen vervoer na die VSA kon kry nie en na Suid-Afrika of Australië skeeppgegaan het. Toe van hulle 'n bestaan in Suid-Afrika gevind het, het hulle graag familie en vriende in Europa genooi om te kom en gehelp, want as karaktertrekke van die Litouse Jode is dikwels genoem hul gemeenskapszin, milddadigheid jeens Jood en nie-Jood, leergierigheid en ywer. Hierdie deugde is ook in Samuel Marks geprys.

### Marks en Lewis in Suid-Afrika

Een van die bekendste Litvaks het Samuel Marks geword.<sup>2</sup> Hy is gebore in die dorp Neustadt-Sigund in Suwalki in 1843 as seun van 'n arm kleermaker wat die platteland bereis het om die boere pakke op maat te verskaf. Sammy se opleiding was, afgesien van die Joodse godsdiens en Hebreeus, gebreklig. In Suid-Afrika het hy vlot Afrikaans en slegte Engels gesprok en as hy moes skryf by voorkeur Hebreeus geskryf. Maar hy was baie slim en ywerig met 'n fyn gevoel vir sakekanse. Hy het 16 jaar oud alleen na Sheffield in Engeland geëmigreer. Familie het hom daar gehelp om 'n bestaan te maak met die afwerk en verkoop van messe. Hy het in 1868 na Suid-Afrika geëmigreer, gevolg deur sy swaer Isaac Lewis, sy lewenslange vennoot, en Barnet Lewis. Ook in Kaapstad is hulle deur geloofsgenote met 'n lening gehelp. Hulle het gesmous met goedkope sierade in die Kaapkolonie.

Hul groot kans het gekom met die diamantstormloop na die streek van Kimberley in 1870. Hulle het in Kaapstad 'n wa volgelaai metalle gebruikstikels, dit in Kimberley verkoop en daar 'n algemene winkel opgerig. Hulle het spoedig ook kleims gekoop en ontgin en diamante gekoop en in Kaapstad verkoop. Hulle het op die diamantvelde 'n groot vermoë vergaar. Maar by die groot amalgamasie van diamantmaatskappye tussen 1884 en 1888 is ook hulle uitgekoop en De Beers Consolidated Company onder Cecil John Rhodes het as enigste diamantprodusent oorgebly. In 1880 het Isaac Lewis na Brittanje teruggekeer, in 1888 ook Barnet. Isaac het Marks se vennoot gebly en meermale Suid-Afrika besoek.

Hulle het reeds in 1881 begin met grondaankope aan die Vaalrivier om vandaar Kimberley te voorsien van brandstof, eers hout, daarna steenkool wat in groot hoeveelhede by Vereeniging ontdek is. Hulle is die grondleggers van die steenkoolontginning in die republieke.

Die goudvondste by Kaapmuiden in 1883, waar spoedig Barberton ontstaan het, het weer 'n nuwe arbeidsveld vir hulle geopen. Dié vondste het weldra teleurgestel, maar hulle het 'n groot aantal aandele in die rykste van die min oorblywende goudmyne, die Shebamyn, in hande gekry.

Marks het met sy fyn sake-instink aangevoel dat Transvala die belowendste deel van die toekomstige Suid-Afrika was. Daarom het hy teen die einde van 1884, honderd jaar gelede, die plaas Zwartkoppies ten ooste van Pretoria

gekoop, hom daar tot sy oorlyde gevestig en gaan boer. Lewis en hy het dadelik ywerig deelgeneem aan die opening van goudmyne ná die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand. Hulle het die mynbase van een van die tien mynhuise wat in 1890 die meerderheid van aandele in goudmyne op die Rif besit het, geword. Hul mynhuis was die 'African and European Investment Company'.

Die aangekondigde konstruksie van 'n spoorlyn van Delagoabaai na Pretoria was vir hulle aanleiding om steenkoolmyne by Witbank aan die toekomstige spoorlyn te open.

Vroeër as die ander mynhuise het hulle hul investerings oor sektore buite die mynbou versprei, onder meer in die landbou en nywerheid. Hul investerings en bedrywighede is te talryk om hier op te noem. Ek vermeld daarvan slegs twee.

### Eerste Fabrieken

In 1881 het Alois Hugo Nellmapius, gebore in Hongarye, - 'n ander, maar minder suksesvol pionier van Transvaal se ekonomiese ontwikkeling - van die regeiring konsessies verwerf vir die vervaardiging van sterk drank, konfyt, bottels en 'n reeks van ander produkte.<sup>3</sup> Die konsessies het ingehou dat hy die alleenreg van produksie gekry het. Hy het in 1883 'n kompleks fabrieke op die plaas Hatherley by Pretoria geopen en dit 'Eerste Fabrieken' genoem.

Reeds in 1882 het Nellmapius 80% van die konsessie aan Lewis & Marks oorgedra. Hy het in 1887 bankrot gespeel, hom uit die meeste ondernemings teruggetrek en die origeeldeel van die konsessie aan Lewis & Marks verkoop. Die fabriekskompleks was gerieflig dig by Marks se plaas Zwartkoppies geleë. Die onderneming het baie voor- en teenspoed ondervind, is by die uitbreek van die oorlog in 1899 gesluit en nie heropen nie. Die volledige geskiedenis daarvan moet nog geskryf word.<sup>4</sup>

### Union Steel Corporation

Die tweede nywerheidsonderneming van Marks was die stigting van die Union Steel Corporation of South Africa by die steenkoolmyne van Vereeniging in 1911. Dit was een van die eerste yster- en staalfabrieke in Suid-Afrika. Vir hierdie bedryf het Marks deeglik kennis geneem van die nuutste staalvervaardigingsmetodes in Engeland.

Hy was so bedrywig op so vele terreine dat hy een geleentheid versuum het. Dit was die diamantontginding by Cullinan. Die biograaf van Thomas Cullinan, die ontdekker van die diamantpyp daar, skryf: '*On January 3 (1903) the famous and usually very shrewd Sammy Marks, head of the firm of Lewis and Marks and owner of the farm Zwartkoppies between Pretoria and the (diamond)mine, visited it, but apparently did not think much of it.*'<sup>5</sup> Miskien is Marks se afsydigheid 'n navolging van die aanvanklike gebrek aan belangstelling by die leiers van De Beers vir Cullinan se diamantpyp, wat hulle spoedig sou betreur.

### Zwartkoppies in oorlogstyd

In Junie 1900 het by Eerste Fabrieken en Zwartkoppies die beslissing oor die voortsetting van die Anglo-Boere-oorlog gevval. Na die inname van Pretoria deur lord Roberts op 5 Junie 1900 was die Boere se moreel op die laagste

punt. Marks was goed met Boere en Britte bevriend. Hy het die oorlog sinloos gevind en verfoei, gepoog om dit te voorkom deur by Chamberlain te pleit en in Junie 1900 sy dienste aangebied om die oorlog te beëindig. Hy het sy kantoor in Eerste Fabrieken beskikbaar gestel vir 'n byeenkoms van die Transvaalse regering en opperooffisiere op 5 Junie. Hulle het besluit om op 7 Junie weer te vergader oor voortsetting van die oorlog. Intussen het Christiaan de Wet by Roodewal in die Vrystaat 'n groot oorwinning behaal. Dit het die Transvalers weer moed ingeboesem en hul leiers het op hul byeenkoms op Van der Merwestasie by Eerste Fabrieken op 7 Junie besluit om die oorlog voort te sit.

In dieselfde week het Marks deur sy bestuurder van Eerste Fabrieken lord Roberts laat medeeel dat kommandant-generaal Louis Botha vredesbesprekings wou voer. Boodskappers het heen en weer gery tussen Roberts en Botha, die Noor Axel Onsum namens Botha, Botha se eggeneote en andere namens Roberts wat 'n ontmoeting op Zwartkoppies voorgestel het.<sup>6</sup> Maar Marks se pogings het gefaal. Die Boere het weer stelling ingeneem en op 11 en 12 Junie 1900 by Donkerhoek digby Zwartkoppies 'n groot slag gelever.

Na die Vrede van Vereeniging in 1902 het Marks hom dadelik na die stigting van die Afrikaners se party 'Het Volk' in Transvaal daarby aangesluit. Hy is in 1910 deur die Suid-Afrikaanse Party van versoeningsgesindes as senator in die nuwe Unieparlement gekies. Hy het daarin selde gepraat, want sy Engels was slegs middelmatig, maar in die wandelgange het die Afrikaners altyd aandagting na hom geluister en sy adviese goed oorweeg.

Hy het die stryd van Afrikaner teen Afrikaner tydens die Rebellie in 1914 diep betreur en weer vir vrede gepleit. Hy is in 1920 76 jaar oud in Johannesburg oorlede en in die ou Joodse begraafplaas in dié stad begrawe.

Hy was 'n groot ondernemer met breë visie. Sy sukses in sake en sy rykdom het natuurlik afguns en kritiek uitgelok. Sy slimheid is hom verwyt. Hy is saam met ander sakelui beskuldig van jag na konsessies en monopolie en weens sy aandeel in die berugte dinamietkonsessie, wat die myneienaars genoodsaak het om hoë prysse vir dinamiet te betaal.

Die historikus moet die sakemetodes van Marks en sy tyd- en landgenote in die lig van sy tyd beskou. Ondanks kritiek op hom, toe en later geuit, is sy gewildheid by talle Boere en Britte 'n afdoende getuienis van sy goeie hoedanighede.

Isaac Lewis se naam is onafskeidelik aan dié van Marks verbonden.<sup>7</sup> Tog het Lewis geheel in Marks se skaduwee gebly, want hy het nog minder as Marks van publisiteit gehou en dit sorgvuldig vermy. Dit beteken nie noodwendig dat sy kwaliteite by Marks agtergestaan het nie.

### Anekdotes

Daar is talle grappige anekdotes oor Sammy Marks. Sommige kan waar wees, ander nie, maar hulle vorm deel van die beeld wat mense van 'n karakter gevorm het. Hulle is vermoedelik merendeels van Joodse oorsprong, want Jode hou van grappe oor Jode en is in Johannesburg talryk.

T.V. Bulpin vertel oor die opening van die spoorlyn van Pretoria na Petersburg in 1899: *'The usual ceremonial run by Republican authorities took place, and Krüger was in a particular jovial mood. Walking up in his compartment he saw Sammy Marks. 'Tell you what, Sammy', said the President.'*

*'Let you and I run a race. If you win you become President. If I win you become Christian'. Marks declined: It was more profitable being what he was.'*

Generaal Koos de la Rey en Sammy was besonder goeie vriende. Kort na die vrede van Vereeniging het Marks De la Rey voor 'n bank in Pretoria ontmoet. De la Rey se plaas was verwoes en hy wou 'n lening vir die opvoeding van sy kinders gaan sluit. Marks het hom gevra wat hy in die bank wou doen, hom die banklening sterk afgeraai en hom dieselfde bedrag teen veel laer rente aangebied.

Hulle het as parlementslede na 1910 dikwels saam gesels en gelag. *'They made each other a gift of a Bible and said that they now had two Sabbaths to observe.'*

### Verwysings

1. Kyk oor die Jode in die Tsareryk Gustav Saron and Louis Holtz, *The Jews in South Africa, A history*, Oxford University Press, Kaapstad ens., p. 61-75. Die 'Kristallnacht' was die grootskaalse vernieling van Jode se winkels en wonings deur Duitse Nazi's as vergelding vir die moord deur 'n Jood op die Duitse gesant te Parys in 1938.
2. Kyk die kort biografie van Samuel Marks in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* (titel van Engelse uitgawe *South African Dictionary of Biography*), deel een, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en Tafelberg Uitgewers, Pretoria - Kaapstad 1968, p. 515-518; Henry Katzev, 'The remarkable Sammy Marks', in *Jewish Affairs*, April 1950, p. 24-27; Marcus Arkin, 'The Jewish share in South African economic development', *South African Journal of Economics*, volume 24 Nr. 3, Johannesburg, June 1956, p. 135-143.
3. Kyk oor Alois Hugo Nellmapius, 'n Hongaarse Jood uit Boedapest met opleiding in Nederland, die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel 4, RGN en Butterworth, Pretoria - Durban, 1981, p. 426-427.
4. Kyk die twee artikels van Dr. J. Ploeger, 'Die maatskappy Eerste Fabrieken in de Zuid-Afrikaansche Republiek', in *Historia*, jaargang 2 No. 2, Pretoria, Junie 1957, p. 123-126, met afbeelding, en 'Uit die geskiedenis van The South African Republic Fruit and Meat Preserve Works Eerste Fabrieken', in *Pretoriania*, No. 85, Maart 1984, p. 36-44. En onlangs het verskyn: O.J.O. Ferreira, 'Eerste Fabrieken: Die beginpunt van nywerheidsontwikkeling in die Zuid-Afrikaansche Republiek', in *Contree, Tydskrif vir Suid-Afrikaanse stedelike en streeksgeskiedenis*, No. 15, Pretoria, Januarie 1984, p. 17-23.
5. Nigel Helme, *Thomas Major Cullinan, A biography*, McGraw-Hill Book Company, Johannesburg ens., 1974, p. 52.
6. Rayne Kruger, *Good-bye Dolly Gray, The story of the Boer War*, Cassell, Londen 1959 e.v. drukke, p. 317-318.
7. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel 2, RGN en Tafelberg, Pretoria - Kaapstad, 1972, i.v. Lewis, Isaac.
8. T.V. Bulpin, *Storm over the Transvaal*, Standard Press, Kaapstad 1955, p. 247-248.
9. Johannes Meintjes, *De la Rey - Lion of the West*, Hugh Heartland, Johannesburg 1966, p. 290-291, 325.



*Portret van SAMUEL MARKS, gebore in Litoue 1843,  
oorlede in Johannesburg 1920.*

Foto NASKO, Pretoria

## ZWARTKOPPIES HALL, DIE HUIS VAN SAMMY MARKS

deur B. Cronjé

Slegs 'n klein groepie Pretorianers weet van die pragtige herehuis op die plaas Zwartkoppies, oos van Pretoria. Dit is die huis wat sowat 'n honderd jaar gelede deur die bekende sakeman en nyweraar, Sammy Marks, op sy plaas langs die Pienaarrivier gebou is. Die plaas behoort vandag nog aan Sammy Marks se nasate en is nie vir die publiek toeganklik nie.

Die hoofgebou op die plaas, vir baie jare bekend as 'Zwartkoppies Hall' is 'n groot, elegante gebou wat heelwat kenmerke van die laat-Viktoriaanse periode vertoon. Die interessante dubbelverdiepinggebou troon oor 'n groot, uitgestrekte tuin waarvan die oorspronklike ontwerp vandag nog te sien is. Op die werf is enkele buitegeboue waaronder 'n indrukwekkende kelder. Daar is ook 'n swembad en vroeër is daar gereeld tennis en kroukie op die plaas gespeel. Nader na die rivier se kant toe is daar 'n enorme wasserygebou en die oorspronklike stalle wat dateer uit die dae toe Sammy Marks 'n indrukwekkende Friesbeeskudde gehad het. 'n Pragtige dammetjie met 'n eiland is 'n verdere versiering van hierdie pragtige naturomgewing.

Die huis binne is 'n lus om te besigtig. Die enorme kombuis met sy groot eilandstoof getuig van die omvang van die onthale wat gereeld hier op die plaas gegee is. Enkele van die indrukwekkendste vertrekke is die geweldig groot sitkamer met sy mooi lampe en muurversierings, die portaal met 'n pragtige gedraaide houttrap en nog vele ander. Waarskynlik die mees merkwaardige van al die vertrekke is egter die biljartkamer met sy luukse tafel en met leergestoffeerde banke en veral sy beskilderde plafon, die werk van 'n Italiaanse skilder. Die volgepakte biblioteek getuig van die beste versamelde werke van sy tyd wat deur Sammy Marks aangeskaf is. Anders as die meeste ander ryk mense van sy tyd het Sammy Marks verkies om hierdie pragtige woning met buitegeboue op 'n plaas te kom oprig - waarskynlik te wyte aan sy voorliefde vir boerdery. Die plaas is ook geleë langs die oorspronklike Hatherley waar die bekende 'Eerste Fabrieken', een van Sammy Marks se ambisieuze ondernemings, gefloreer het.

Die Marks-egpaar het die groot huis waarskynlik teen die einde van 1884, 'n eeu gelede betrek. Daar het hulle gewoon tot Sammy se dood in 1920, waarna sy eggenote op die plaas bly woon het tot 1934 toe sy ook gesterf het. Hulle seun Joe was die boer van die gesin en het die boerdery voortgesit tot en met sy dood in 1975. Sy eggenote het hom ook oorleef en het vir 'n verdere drie jaar in die huis bly woon.

Vandag is die huis struktureel nog baie sterk en stewig. Heelwat restourasiewerk moet gedoen word maar die meeste daarvan is oppervlakkig van aard.

Enkele jare gelede het die Museum en mnr. Neil Maisels, die enigste oorblywende kleinkind van Sammy Marks in Suid-Afrika, begin om te onderhandel oor die ontwikkeling van die huis tot 'n museum. Die skrywer van hierdie artikel het toevallig 10 jaar gelede die voorreg gehad om die huis vir die eerste keer te sien tydens die eerste besoek van die Genootskap Oud-Pretoria aan die plaas Zwartkoppies. Menige van die besoekers het indertyd die wens uitgespreek dat hierdie huis in 'n museum omskep moet word. Vanjaar, 10 jaar later, kon die skrywer weer saam met 'n besoekersgroep van die


Genootskap na Zwartkoppies gaan.<sup>1</sup> Hierdie keer egter was die verskering daar dat die huis wel in 'n museum omskep gaan word. Dit is moontlik gemaak deurdat die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum die inhoud van die huis (meubels, skilderye, portrette, boeke, silwer, porselein, glas, ens.) van die Sammy Marks-boedel kon aankoop. Deur 'n ooreenkoms wat met die administrateurs van die Boedel gesluit is, sal die huis nou gerestoureer en opgeknап word sodat dit hopelik teen September 1985 formeel as die Sammy Marks-museum geopen sal kan word. Tans is die Museum reeds besig met die opknап van die terrein en restourasiewerk aan die geboue. Dit is 'n opwindende taak met die vooruitsig van 'n pragtige herehuis gevul met die deftigste meubels, ornamentele en ander toebehoere van sy tyd.

Sammy Marks was een van die kleurrykste figure uit die ZAR-periode. Hy was 'n goeie vriend van pres. Kruger en was bekend om sy ruimhartigheid. Benewens die feit dat hy een van die bekendste sakemanne en nyweraars van sy tyd in die ZAR was, het Sammy Marks sy naam in die geskiedenis van Pretoria verewig deur sy bydraes tot verskeie projekte. Die bekendste hiervan is die standbeeld van pres. Kruger wat tans op Kerkplein staan. Sammy Marks het hierdie standbeeld van die President spesial deur Anton van Wouw laat maak. Toe dit teen die einde van die negentigerjare blyk dat daar probleme ontstaan met die vervoer en oprigting van die standbeeld het hy geld geskenk vir die oprigting van 'n visdammetjie op Kerkplein. Dit het daar gestaan vanaf 1906 tot 1911 waarna dit na die Dieretuin verskuif is waar dit vandag nog besigtig kan word. Verder het Sammy Marks ook 'n bydrae gelewer tot die oprigting van die Joodse Sinagoge in Paul Krugerstraat en het hy ook 'n ruim bydrae na sy geboortedorp gestuur, ook vir die oprigting van 'n sinagoge aldaar.

Dit kom Sammy Marks toe dat hier op sy plaas Zwartkoppies vir hom 'n monument in die vorm van die Sammy Marks-museum opgerig gaan word. Hannes Meiring het in sy boek *Pretoria 125*' gesê: *'Pretoria sal hom nie vergeet nie. Hy behoort aan die stad ..... Dit sou paslike erkenning teenoor hom en die hele Joodse gemeente wees as die ou Sinagoge wat hy laat bou het en, later sy woonhuis, omskep sou word in museums, sodat die bydrae ook sigbaar gemaak kan word van die Joodse gemeenskap wat saam met Afrikaner, Nederlander, Engelsman, Duitser en donker inboorling, die stad oor sy 125 jaar help bou het.'*

In 1985 sal die Sammy Marks-museum op die plaas Zwartkoppies geopen word. Intussen het die Staat in besit gekom van die Joodse Sinagoge in Paul Krugerstraat. Dit is aan die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum toegewys waar dit vandag as tydelike stoorplek gebruik word. Wie weet, moontlik sal dit ook eendag 'n museum kan word?

10 November 1984



Tekeninge van Zwartkoppies gemaak deur  
**HANNES MEIRING**

Uit: Hannes Meiring, *Pretoria 125*, Human en Rousseau 1980



ZWARTKOPPIES HALL, die huis op SAMUEL MARKS  
se plaas ten ooste van Pretoria, vergroot  
in 1890 en 1896

Digitized by the University of Pretoria, Library Services

Foto NASKO, Pretoria



25

*'n Deel van die groot ontvangs- en musiekkamer in  
SAMUEL MARKS se plaaswoning Zwartkoppies  
ten ooste van Pretoria.*

Foto NASKO, Pretoria  
Digitized by the University of Pretoria, Library Services

## KARAKTERSETS VAN MNR. J.L. VAN SCHAIK, UITGEWER EN BOEKHANDELAAR TE PRETORIA

In Augustus 1984 het die uitgewersmaatskappy en boekhandel J.L. van Schaik in Pretoria sy 70-jarige bestaan gevier. 'n Paar maande tevore, op 4 Mei 1984, is Mnr. Van Schaik se nagedagtenis geëer by die opening van die 'J.L. van Schaik-kamer' in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum (NALN) deur die direkteur van dié museum en van die Vrystaatse Museumdiens, prof. P.J. Nienaber. Dié kamer is tot dusver die enigste in die NALN wat aan 'n uitgewer gewy is. Dit bevat persoonlike herinneringe aan Mnr. J.L. van Schaik en eksemplare van sy uitgawes vanaf die eerste in 1915.

By die opening het sy oudste seun, Mnr. Jan van Schaik, wat onlangs as besturende direkteur afgetree het, 'n openhartige karakterskets van sy vader gegee. Hieronder volg 'n lewensbeskrywing van J.L. van Schaik in die volledige toespraak van sy seun, wat bekort in die *Nieuwsblad van die Vrystaatse Museumdiens*, jaargang 12 Nr. 3, Bloemfontein, Augustus 1984, verskyn het.

C. de Jong

- ● -

Bloemfontein, 4 Mei 1984

### J.L. VAN SCHAIK - SÓ HET EK MY VADER GEKEN deur Jan van Schaik

Die amptelike inwyding vanaand van die Van Schaik-kamer by die NALN is vir my om drie redes 'n baie heuglike gebeurtenis:

- A. Dis die eerste en ook die enigste kamer vir 'n Suid-Afrikaanse uitgewer. Ons Van Schaiks waardeer dit en ons dra ons dank oor aan prof. Nienaber en die Raad van Beheer van NALN wat dit moontlik gemaak het.
- B. Dis vanjaar Van Schaik's se 70ste bestaansjaar. In die skyfieprogram het u gesien dat my vader op 1 Julie 1914 sy saak te Pretoria begin het.
- C. Vir my persoonlik is 4 Mei 'n dag om te onthou, omdat ek op dié datum in 1944 by Van Schaik begin het - dus veertig jaar gelede.  
Dis eintlik vanaf daardie dag in 1944 dat ek my vader regtig leer ken en waardeer het. Hoe onthou ek hom egter toe ek as kind, skoolseun en student nog in ons ouerhuis was?

My oudste herinnering is saam met hom op sy fiets in die vroeë mōre na die sentrale swembad in Sunnyside - vroeg opstaan, energiek, baie fluks, tog was hy nie 'n sportman nie.

Later sy motorfiets - ek onthou sy Triumph, sy BSA - hy was altyd van die voorstes om met 'n nuwe ding te eksperimenteer.

In 1922 sy eerste motor - bou van die motorhuis - daar was drie Hupmobiles na mekaar, toe in die dertigerjare die Dodge. 'n Motor het nooit lank gehou nie.

Ons vakansies - daar was altyd afwisseling; hy wou 'verken'. Die Natalse Suidkus was so'n vakansiedoel, toe nog maar baie min mense na Uvongo gereis het - drie dae, drifte.

In 1931 was die reis na Rhodesië, na LM. Foto's en foto-albums was die resultaat.

Hy was altyd onrustig - as hy iets gesien of bereik het, was daar die begeerte, ambisie, dryfkrag om iets nuuts te doen. Gelukkig het my moeder saamgegaan en hom hierin gesteun.

Dit was ook die geval met koop van grond, soms plase en eiendomme. As hy dit gedoen het, dan het hy dikwels belangstelling verloor en weer verkoop.

Hy het dikwels gereis. In die beginjare was dit sakereise na Europa vir kontakte met uitgewers, uitsoek van kinderboekies met mooi illustrasies, en hy het dan gesorg vir die Afrikaanse teks. Hiermee was hy die eerste. Vandag doen almal dit. Toe ek in die begin van die sestigerjare vir die eerste keer na die Frankfurtse boekeskou gegaan het, het ek veral Duitse uitgewers ontmoet met wie my vader reeds veertig jaar vantevore kontakte opgebou het.

Sy reise was altyd goed voorberei - hy het wyd gelees oor die lande en plekke wat hy besoek het, baie foto's geneem wat later in albums geplak is. As kinders kon ons saampraat oor Stratford-on-Avon, Lake Windermere, Montreux, die Mätterhorn, die tempels van Karnak in Egipte, die kataombes van Rome. Ons het 'n 'toverlantaarn' gehad waarmee sy 'outydse' groot-glas skyfies vertoon is.

As familie het ons elke week uitgekyk na Woensdag, want dan was dit 'mail'-dag, dit wil sê pa het dan oorsese tydskrifte saamgebring wat ons 'n dag mog hou om deur te blaai. Dit was leersaam en het blywende indrukke nagelaat. Daar was die *Illustrated London News*, die Franse *l'Illustration*, die Duitse *Woche*, *De Wereldkroniek*, *Het Leven* en *De Haagsche Post*.

Ook sal ek nooit vergeet as hy partymaal gaste van kantoor af saamgebring het. Ek kan nou nog onthou hoe G.C. Hobson ons van Buks vertel het, of J.B. Montgomery wat so mooi kon teken.

Hy was altyd bereid om vir ons die nodige boeke en ander materiale vir ons studies te bekom.

Hy was 'n voorstander van ekstra lesse - musiekles en, in my geval, een keer per week Franse les toe ek op hoëskool was.

En tog het hy ons nooit met ons skool- of huiswerk gehelp nie, ook nie aan ons voorgelees nie. Daar kon ons altyd op ons moeder staatmaak. Met alle probleme was dit sy wat geluister het, met raad gekom het en wat belanggestel het in ons skoolwerk, die Voortrekkers, sport, ens.

Ek dink hy was te besig, te betrokke met sy saak. Eers later sou ons dit verstaan.

Dit verklaar miskien ook hoekom hy nooit op die bestuur gedien het van die Kamer van Koophandel, die Nederlandsche Vereeniging, die Pretoriaklub, waarom hy na net 'n paar jaar van die Rotariërs bedank het en selfs nooit voorsitter van die Boekhandelaars- of Uitgewersvereniging geword het nie.

Hy het ook nooit op 'n kerkraad gedien nie. Tog was hy sy hele lewe lank baie nou by kerksake betrokke. Hy was 'n opregte gelowige.

Huisgodsdien was by ons gesin amper iets van 'n ritueel. Toe ons jonger was het hy aan tafel uit 'n kinderbybel en later uit die gewone Bybel gelees. Saans het hy ná bybellesing na sy orrel beweeg en het ons 'n psalm- of gesang-vers gesing. In sy gebed het hy altyd aan ons met verjaardae gedenk, ook ander gebeurlikhede. Sy bybeltjie en gesangboek het altyd aantekeninge gehad.

My vader en moeder was Gereformeerde. Hulle het mekaar by die ou Dopperkerk in Pretoria ontmoet en is daar getroud. Drie van ons is daar gedoop. Sy heel eerste publikasie - van 1915 - was 'n boekie van dr. S.O. Los, predikant van daardie kerk. Van sy ander eerste publikasies was van ds. Hamersma, ds. Postma, dr. Du Plessis en ander leiers van sy kerk.

My vader was baie nou betrokke by die afstigting in 1934 van die Pretoria-Oosgemeente in Sunnyside: by die fondsinsameling, die kerkbou, benoeming van die eerste predikant. Hy het die mooi, groot Hollandse kanselbybel aan die gemeente geskenk.

Tog was hy later daar nie gelukkig nie. Hy het 'n behoefté aan 'n menslike erediens gehad. Miskien meer emosioneel. Hy is dikwels saans na die Presbiteriaanse kerk waar sy vriend dr. MacMillan die predikant was, ook het hy byeenkomste van die Moral Rearmaement Beweging bygewoon. Later het hy aangesluit by die N.G. Kerk te Pretoria-Oos en besondere voldoening gevind in die preke van dr. Wm Nicol, later ds. Luckhoff. My moeder het by haar eie kerk gebly.

Ek het eers later besef dat hy behoefté gehad het aan mense wat hom beter sou verstaan. Hy was daardie jare baie bedrywig, hy het 'n saak opgebou, hy het die heeldag allerhande soorte mense ontmoet en hy kon net eenvoudig nie soos so vele ander een paadjie loop nie. Daarvoor was hy te ambisieus.

Toekomstige student vir Pretoria Universiteit in 1939 na die buitenland gegaan het vir verdere studie, was Librigebou in Kerkstraat pas voltooi. Uitgewery en boekhandel was as twee aparte maatskappye geregistreer en die Van Schaik-fondslys van eie publikasies was aansienlik. Van ons voorste skrywers het by hom gepubliseer. Die omvang van dit alles sou ek eers ten volle besef toe ek in 1944 by my vader in die bedryf aangesluit het. Eers toe het ek hom beter leer ken en sy uitstaande eienskappe begin waardeer - want hy was na my beskeie mening 'n besondere mens.

Ek het gevoel, hy wou my graag langs hom gehad het, maar hy het nie maklik die dinge waarmee hy hom besig gehou het, met 'n ander gedeel nie. Dit was moeilik om sy vertroue te wen. Jy kon nie maklik na hom gaan en om raad gaan vra nie. Daardie eerste agt tot tien jare was moeilike jare vir my.

Hy was gewoond om self te besluit, 'n ding self te doen. Hoe dikwels het ek hom nie hoor sê: 'dat wil ik behandelen'. Die rede was heel waarskynlik dat hy uit ondervinding geleer het hoe om dit die vinnigste en op die korrekte manier te doen. Langs 'n ooppad moes van ons jongeres dan uitvind hoe hy wou hê dat dit gedoen moes word; dit was baie keer as hy met vakansie weg was.

En as ons dan later sekere take by hom oorgeneem het, dan het hy dit aanvaar, maar dit nie maklik erken nie, nog minder dankie gesê. Hy kon jou baie ontoereikend laat voel.

Al gou het ek uitgevind dat hy sy eie manier gehad het om iets uit te werk, soms onortodox, maar - en dit wil ek beklemtoon - dit was reg. Ek dink hier aan voorraadwaardasie, loon- en salarisvasstellings. Sy standpunt kon hy altyd motiveer.

Ek verbaas my nou nog dikwels hoe hy reg van die begin af 'n werkmetode vasgestel het en dan daarmee voortgegaan het. Soms, vandag nog, as 'n boek wat al 'n ver pad gekom het, herdruk moet word, dan gaan jy vanself ou rekords na, en die metode, die uitwerk van die verkoopsprys en die inskrywings wat ons vandag nog gebruik, is soos dié van hom van 50-60 jaar gelede. Dis 'n beproefde metode. Hy het 'n nugter, skrander beskouing gehad; dit was saaklik en gesond. En sy saak het altyd eerste gekom.

Steeds kom hierdie eienskap sterk na vore; hy was reg van die begin af doelgerig. Daar was 'n doelwit en die pad daarheen was reguit en sy leuse: 'recht door zee'. 'n Afwyking van daardie pad het net nie by hom bestaan nie.

Hierdie hoogstaande beginsels het hy sy hele loopbaan gehandhaaf en dit verklaar ook die feit dat hy geen tyd gehad het vir knoeiers, amateurs of, soos hy so dikwels gesê het, 'beunhase' nie. Volgens sy eie woordeboek is 'n beunhaas "n grootdoenerige, maar in wese onbevoegde, persoon". Die gene wat hom onregverdig behandel het, het hy ook nooit vergewe nie.

Veral in die veertigerjare met die opkoms van die Afrikaanse sakelewé en die toetreding tot die boekhandel- en uitgewersbedryf van onbekwame mense met min of geen ondervinding het hy hom dikwels oor hul doen en late vererg. Hy was by kere diep gegrief as van sy skrywers wat hy geloofs het, na ander uitgewereye oorgeloop het en dat van hul boeke daarna uitgegee is sonder enige smaak.

Die boekbedryf, het hy altyd beklemtoon, is 'n professie'. Alleen deur deeglike ondervinding en kennis van die bedryf in jou eie en ander lande kan jy jouself daarvoor bekwaam. 'n Boek is nie slegs 'n handelsartikel nie, dit het 'n titel en 'n skrywer, 'n uitgewer en 'n prys. En elke uitgewer sit sy eie stempel op of gee sy karakter aan die boek. Ons het ons dikwels verwonder oor sy uitgebreide kennis van die wêreld van boeke. Hy kon dadelik 'n boek een.

Hierdie boekekennis het hy ook deeglik toegepas by die uitbou van sy eie boekery: sy Africana-versameling. Dit was nie slegs 'n besonder waardevolle biblioteek nie, maar ook in baie opsigte uniek. Die veld moes vir hom as immigrant heeltemal vreemd gewees het, maar nieteenstaande dit het hy oor die jare 'n fenomenale Africana-kennis opgebou.

Dit geld ook sy waardering vir ons kuns- en kultuurbesit. Sy versameling skilderye was wyd bekend, ook sy kunssmaak. Ek was self by as hy op 'n tentoonstelling dadelik, sonder enige ophef, die beste vir homself uitgesoek het.

Ek sal nooit vergeet hoe hy 'n dag of twee voor sy dood - byna sonder asem - opgekyk het na een van sy geliefde Gregoire's en met 'n sug gesê het: 'Is dit tog nie mooi nie'.

Hy het hom van die begin af, net na sy aankoms, met die Afrikaanse saak vereenselwig. Hy was lojaal teenoor Suid-Afrika. En wat boeke betref, het hy by geleenthede projekte aangepak waarvoor daar miskien nie 'n groot afset sou wees nie, maar waaraan daar tog na sy mening 'n behoefte bestaan het. So graag sou hy byvoorbeeld in Afrikaans 'n volledige reeks Bybel-komentare wou uitgee - soos hy hulle in Hollands, Duits en Engels geken het - en hy het 'n redaksie saamgestel, maar ongelukkig het die saak nie verder as slegs twee dele gevorder nie.

Sy saketransaksies is ook gekenmerk deur sy vérsiendheid. Toe hy in Kerkstraat die helfte van ons huidige perseel aangekoop het, was dit teen die aanbeveling van sy bankbestuurder. Hy het nie 'n fout begaan nie.

My moeder het so dikwels gesé dat hy nie slegs van die boekhandel 'n sukses sou gemaak het nie, hy sou dit ook in 'n ander rigting kon gedoen het. Dit was omdat hy, soos eerder gesé, doelgerig was, geesdriftig, hardwerkend en ywerig. Gelukkig vir ons dat dit die boekbedryf was, want hierin het hy deur die jare 'n leidende rol gespeel.

Die feit dat die Suid-Afrikaanse Akademie hierdie bydrae waardeer het deur hom met sy erepenning vir uitgewery te vereer, was werklikwaar een van die hoogtepunte in sy loopbaan. Hy sou ook die gebaar van NALN op prys gestel het.

Waar hy soms vir diegene wat hy nie so goed geken het nie, as ongenaakbaar voorgekom het, kon 'n mens tog dinge by hom gedoen kry, deur hom reg en op die regte tyd te nader. Hy het 'n goeie gebaar waardeer.


Dis nou al byna twintig jaar dat hy nie meer met ons is nie, maar vanweë sy sterk persoonlikheid is dit soms net asof hy ons nou nog dophou ..... ook voel dit partykeer dat jy eers sy goedkeuring moet kry voordat jy begin. En andersom - by die verskyning van 'n mooi nuwe boek is daar onwilligeurig die behoefté om dit aan hom te gaan wys. Jy weet hy sou dit goedgekeur het; dis hoe hy dit ook sou gedoen het. En hy sou met die tyd saamgegaan het.

Hoe meer 'n mens aan die jare wat verby is, dink, des te meer kom jy tot die besef waarom hy die spreuk van Vader Cats gekies het vir die voorwoord in die gedenkboek wat by die firma se vyftigste jaar verskyn het,<sup>1</sup> naamlik:

Met wysheit kiesen,  
Geen moet verliesen,  
Maer staegh volharden:  
Soo sal 't eens werden

Want J.L. van Schaik het oor die jare wys gekies en nooit moed verloor nie. Hy het volhard en daardeur 'n bydrae gelewer wat ons vanaand hier in Bloemfontein herdenk.

1. *Vyftig jaar, Gedenkbundel saamgestel uit die publikasies van J.L. van Schaik Beperk. By geleentheid van sy vyftigjarige bestaan van die uitgewery 1914-1964*, J.L. van Schaik Bpk., Pretoria 1964, 268 pp.



MNR. J.L. VAN SCHAIK voor sy boekwinkel kort na die oornname daarvan van J.A. Wormser

Foto J.L. van Schaik

---

### Verbetering

In die artikel van Dr. J. Ploeger, 'Die boek in Suid-Afrika en die Firma J.L. van Schaik', in *Pretoriania* No. 86, 1984 No. 2, p.19, is die naam van Dr. A.K. Bot tweemaal verkeerd gedruk as Dr. A.K. Bob.

Hierdie onderwysman is Arie Klaas Bot, gebore te Rotterdam op 11 Januarie 1881 en oorlede te Pretoria op 11 Junie 1972. Hy het in 1905 in ons stad aangekom en het op 1 Februarie 1906 onderwyser aan die Oost-Eindschool en in 1918 hoof van dié skool tot 11 Desember 1936 geword. Hy was van 1937 tot 1940 onderhoof van die hedendaagse Transvaalse Onderwyskollege en daarna 20 jaar as beleidsraadgewer aan die Transvaalse Onderwysdepartement verbonde.

# DIE TAKKE VAN DIE BOEKWINKELS VAN DIE FIRMA HöVEKER EN WORMSER TE PRETORIA EN POTCHEFSTROOM

deur J. Ploeger

## Inleiding

Met verwysing na die skrywer se bydrae in *Pretoriiana* oor die geskiedenis van die boekhandel-uitgewery J.L. van Schaik (1914-1984), word die belangstellende leser daarvan herinner dat in dié bydrae, as 'n voorloper van die genoemde firma, die Pretoriase boekhandel Höveker en Wormser genoem is. In die publikasie *Honderd jaren 1831-1931, Gedenkschrift van N.V. Boekhandel W. ten Have voorheen Hövekers Boekhandel Amsterdam* kom meer gegewens oor die Amsterdamse firma voor wat voor 1899 'n tweetal takke, t.w. in Pretoria en Potchefstroom, in Transvaal gestig het.<sup>1</sup>

Aan die hand van die 'Gedenkschrift' kan daar nou 'n aantal gegewens aan die reeds genoemde verwysing toegevoeg word.

## 1. Henricus Höveker

Aangaande Henricus Höveker is o.m. bekend dat hy op jeugdige leeftyd sy vader verloor en 'n paar jaar daarna as leerling-bediende by die plaaslike, Amsterdamse boekverkopersfirma 'Onder de Linden' in diens getree het. Danksy die welwillendheid van die eienaar van dié firma, 'n sekere Hoymans, is die jong Henricus in staat gestel om sy dors na kennis te bevredig deurdat eersgenoemde sy hoofsaaklik theologiese biblioteek vir hom oopgestel het.

Henricus Höveker was, wat sy godsdienstige opvatting betref, 'n aanhanger van die *Réveil*. Die *Réveil* was 'n Protestantse opwekkingsbeweging wat in navolging van soortgelyke bewegings in Switserland en Frankryk sowel as in ander lande ook wortel in Nederland geskiet het. In sy Nederlandse uitings- en belewenisvorme was die beweging o.m. gekenmerk deur 'n uiteenlopende mate van bevindelike vroomheid en 'n afkeer van die slapheid en sterk rationalistiese inslag wat die gemiddelde godsdienstige lewe in Nederland tydens die eerste kwart van die negentiende eeu gekenmerk het.

As 'n reaksie op hierdie toestand het die aanhangers van die *Réveil* in Nederland 'n sterk mate van gehegtheid aan die streng Calvinistiese tradisie geopenbaar en in die praktyk uitgelewe en uitgedraar.<sup>2</sup>

Nederlandse predikante-skrywers soos Nicolaas Beets (1814-1903), Bernard ter Haar (1807-1881) en J.J.L. ten Kate (1819-1889), letterkundiges soos Isaac da Costa (1798-1860) en Willem de Clercq (1795-1844) sowel as die staatsman G. Groen van Prinsterer (1801-1876) was onder hulle wat, in woord en geskrif, die stryd teen die verheerliking van die rationalisme en die ongeloof en materialisme wat, volgens hulle daaruit voortgespruit het, aangeknoop het.<sup>3</sup>

In Amsterdam is in die plaaslike Réveilkringe die aandag van sowel Willem de Clercq as ander vooraanstaandes op Henricus Höveker gevinstig, terwyl hy

nog in diens van sy reeds genoemde werkewer was, het hy vir eie rekening begin om Switserse, Franse, Engelse en Duitse stigtelike leesstof, wat afstrek in *Réveilkringe* gevind het, te versprei.

Aanvanklik, in 1831, was Höveker se vrou, mej. Elisabeth van Ommers Boddendijk, met hierdie werksaamhede belas. In 1834 het Höveker, nadat hy as boekhouer, boekbinder en winkelbediende uit die diens van die firma 'Onder de Linden' getree het, die belang van sy eie boekwinkel in die Amsterdamse Angelierstraat begin behartig. Hy het tot dié betekenisvolle stap oorgegaan nadat hy hom van 'n kapitaalkragtige deelgenoot, 'n sekere Messchert, verseker het.

Ofskoon hierdie verbintenis enersyds tot die vergroting van die winkel, nou aan die Leliegracht, gelei het, het die verbintenis met Messchert 'n bron van narigheid en ellende geword. Höveker kon sy talente nie ontplooи nie en op 31.12.1834 is die wedersydse band verbreek.

Höveker het sy winkel na die Warmoesgracht oorgeplaas, 'n tydlank sy steun aan die Kerklike Afskeiding van 1834 verleen, maar in 1840 na die Hervormde Kerk teruggekeer.<sup>4</sup>

Vier jaar later het Höveker 'n belangrike bydrae tot die ontstaan van die 'Vereeniging ter bevordering van Christelike lectuur' gelewer. Die oogmerk van hierdie vereniging was om teen matige pryse en sonder risiko Christelike leesstof, sowel in sy oorspronklik Nederlandse teks as in die vorm van vertalings van buitelandse werke, uit te gee en te versprei. In die loop van die jare is die stigting van die 'Vereeniging' met welslae bekroon. Nadat Höveker sy winkel na 'n huis aan die Heerengracht oorgeplaas het, was daar sprake van 'n bloeiperiode en het Höveker terselfdertyd met 'n belangrike uitvoer van godsdienstige leesstof na die destydse Nederlands Oos-Indië, die Kaapkolonie en Noord-Amerika begin.

In 1839 en 1842 is die egaar se dogters Elizabeth en Catharina Johanna gebore. In 1840 en 1850 is 'n tweetal kinders, Jansje en Henricus, deur die dood weggenem. In 1856 het Höveker se vrou die tydelike met die ewige verwissel en in 1869 het Höveker se toekomstige skoonseun, Johan Adam Wormser, op 24 jarige leeftyd tot die bedryf toegetree.<sup>5</sup>

## 2. Johan Adam Wormser (1845-1916)

Johan Adam Wormser, 'n gebore Amsterdammer, het, nadat hy onderwys aan 'n Christelike laerskool en 'n handelskool geniet het, as bediende by 'n makelaar begin werk. Na sy verloving met Catharina Johanna Höveker het hy as deelgenoot tot die bedryf van sy aanstaande skoonvader toegetree en met ingang van 1.1.1870 het die bestaande bedryf 'n nuwe benaming, t.w. die firma 'Höveker en Zoon', gekry.

Die jong Wormser was 'n gebore skrywer en 'n nie-onverdienstelike digter. Na verloop van tyd is sy saaklike verdienste as voorsitter van die Nederlandse 'Vereeniging tot bevordering van de belangen des Boekhandels' en, later as voorsitter van die 'Nederlandsche Uitversbonds', erken. Tewens was hy 'n tydlank lid van die Amsterdamse stadsraad.

Terwyl Höveker ongetwyfeld dankbaar was dat, weens gebrek aan 'n eie seun as 'n opvolger, sy skoonseun tot die bloeiende boekhandel toegetree het, was daar andersyds op die gebied van die godsdienst verskille tussen die twee deelgenote.

Wormser was van oortuiging dat daar, binne of buitekant van die geledere van die Hervormde Kerk, na die beginsels van die Dordtse Kerkorde van 1619 teruggekeer moes word. Hy het hom by dié ontevredenes gevoeg wat onder leiding van dr. Abraham Kuyper (1837-1920) in 1886 van die genoemde kerkgenootskap afgeskei en daarna tot die stigting van die Christelik Gereformeerde Kerk in Nederland oorgegaan het.<sup>6</sup> Henricus Höveker het geen heil in hierdie stap gesien nie en sy skoonseun se voorbeeld nie gevold nie.

In 1886 het Höveker, na 55 jaar, met die oog op sy leeftyd besluit om die boekhandel waarwel te sé. Dié besluit was gedeeltelik ook gebaseer op die verskille ten opsigte van die godsdienstige gevoelens wat daar tussen hom en sy skoonseun bestaan het. In April 1886 het Höveker sy uittrede bekend gemaak en, in 'n omsendbrief, die reedsgenoemde rede van sy besluit vermeld. Wat die tweede aspek betref het hy bepaal dat daar sonder sy goedkeuring geen enkele geskrif deur die firma Höveker en Zoon vir publikasiedoeleindes aanvaar sou word nie.

### 3. Die firma Höveker en Zoon en die firma J.A. Wormser

Daar was, wat die reeds genoemde bepaling van 1886 van Henricus Höveker betrek, dus sprake van 'n doelbewuste poging van die skoonvader om sy skoonseun te verhinder om geskrifte van Kuyperiaanse strekking uit te gee. Op 1.5.1886 het Wormser soos volg op die beperking van besluitneming gereageer. Hy het die firma Höveker en Zoon laat voortbestaan en terselfdertyd 'n uitgewersbedryf onder sy eie naam gestig. Waar sy vryheid in die eersgenoemde boekhandel en uitgewery aan bande gelé was, was dit in die nuutgestigte uitgewery nie die geval nie. Die twee bedrywe is deur hom uit twee verskillende kantore, t.w. Heerengracht 296 en Heerengracht 186 geleei en hierdie toestand het tot die dood van Henricus Höveker op 28.10.1889 voortgeduur.

### 4. Van 1886 tot 1896

In hierdie jare het J.A. Wormser besluit om die deur dr. A. Kuyper gestigte partydagblad *De Standaard* en dieselfde party se weekblad *De Heraut* uit te gee. Dié verbintenisse sou tot 1907 van krag bly.

In 1892 is die boekhandel, onder die naam Hövekers Boekhandel, na die bekende Kalverstraat oorgeplaas om daar deur J.A. Wormser Junior en H. Wormser geleid te word. Die uitgewery is in 1896 van die Heerengracht na die Singel oorgeplaas. In verband met Wormser se bedrywighede was die jaar 1896, wat Suid-Afrika betrek, van belang.

In 'n omsendbrief van 1.7.1896 het Wormser, met verwysing na die 'levendige handel, die tusschen Zuid-Afrika en mijn firma sedert tal van jaren gedreven wordt', aangekondig dat hy binnekort 'n besoek aan Suid-Afrika

sou bring om die genoemde bande te verstewig en om, ook as gevolg van die voortdurende groei van sy bedryf in Nederland, sy bedryf te reorganiseer. Kapitaaluitbreiding was nodig om 'n tweetal takke van die bedryf in ons land, t.w. te Pretoria en Potchefstroom, te finansier.

## 5. Die firma Höveker en Wormser in Transvaal en Nederland

In Transvaal is Johan Adam Wormser Jr. (Amsterdam, 5.8.1870 - Johannesburg, 4.7.1918) as bestuurder van die twee nuutgestigte boekwinkels te Pretoria en Potchefstroom aangestel. Met die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was nie alleen die lot van hierdie winkels tydelik beseël nie, maar is ook die moederbedryf in Nederland 'n ernstige slag toegedien.

Wormser het in die oorlog 'n tydjie as onderoffisier by die Pretoriase Spesiale Polisie gedien en het daarna op 'n onbekende tydstip na Nederland vertrek. Ná die oorlog het hy teruggekom, maar meer belangstelling in die joernalistiek as die boekhandel getoon. Dit was een van die redes waarom hy self bedryf wat hy min of meer herstel het, oorgedra het.

In Pretoria het J.A. Wormser Jr. in 1914 sy winkel aan mnr. J.L. van Schaik oorgedra, terwyl - in 'n ongenoemde jaar - A.H. Koomans die boekwinkel te Potchefstroom van J.A. Wormser Jr. oorgeneem het.<sup>7</sup> Reeds in 1906 het W. ten Have die boekhandel in Amsterdam namens 'n maatskappy begin beheer.

J.A. Wormser senior, wat o.m. 'n tydlank lid van die hoofbestuur van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) was, het hierdie rampe nie te bowe gekom nie. Hy het hom aan die openbare lewe onttrek en is op 7.3.1916 oorlede.

### Aantekeninge

1. Die publikasie, wat uit 26 bladsye teks en illustrasies bestaan (plek en jaar van publikasie nie vermeld nie) is, tydelik, deur mnr. Jan J. van Schaik, Pretoria, tot beskikking van die skrywer gestel. Vir hierdie gewaardeerde gebaar en welwillendheid betuig die skrywer sy opregte dank.
2. A.G. Weiler, O.J. de Jong, L.J. Rogier en C.W. Mönnich, *Geschiedenis van de Kerk in Nederland* (Utrecht - Antwerpen, 1963), p. 248 e.v.; A. Pierson, *Oudere Tijdsnoten* (Amsterdam, 1922). Die eerste druk van hierdie insiggewende studie het in 1888 verskyn en bestaan uit 'n reeks opstelle wat van 1872 tot 1886 in *De Gids* gepubliseer is.
3. K.H. de Raaf en J.J. Gris, *Stroomingen en Gestalten, Geschiedenis der Nederlandsche Letteren* (Rotterdam, 1931), p. 186 e.v.
4. In 1834 het, onder leiding van ds. Hendrik de Cock (1804-1842) die Afskeid van die Nederlandse Hervormde Kerk plaasgevind en is die grondslae van die Gereformeerde Kerk in Nederland gelê.
5. *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* (Cape Town, 1975), deel II, pp. 541-542.
6. Kyk o.m. Jhr. Mr. Witsius H. de Savornin Lohman, 'Dr. A. Kuypers', in

*Mannen van Beteekenis in Onze Dagen* (Haarlem, 1889), afl. 1., pp. 3-72. P. Kasteel, *Abraham Kuyper* (Kampen, 1938), p. 55.

7. Aantekening 5, pp. 541-542.

**THE CATHEDRAL CHURCH OF SAINT ALBAN THE MARTYR,  
PRETORIA  
Guide for visitors**

by Mrs. D. Maguire

### A brief history

The historical background of the Cathedral Church of Saint Alban the Martyr, Pretoria, may be traced back to 1864 when Bishop Twells of Bloemfontein visited outlying parts of his vast Diocese, including Pretoria. As a result of further visits by the Bishop, the first Anglican Church was built in Church Street West where the Langham Hotel was, and dedicated to Saint Alban. This was opened on Easter Day 1872. The first confirmation was in 1873 and the first baptism was in 1876. Pretoria was then a hamlet of 80 houses and 300 inhabitants.

By 1875 it was found that this Church was too small to accommodate the rapidly increasing congregation and in 1878 a new Church was built on the present site in Schoeman Street. The Royal Engineers, stationed in Pretoria at that time, took a keen interest in its construction and tradition has it that the plan used was based on the only type of building known to the Engineers - a railway goods shed. The foundation stone for the new Church was laid by Sir Theophilus Shepstone. If you look at the South Pillar of the Chancel arch, at the rear of the Dean's Stall, you will see this stone bears the simple inscription 'DEO GLORIA - APRIL 4 1878'. The building was completed late in 1879.

In 1879, Henry Brougham Bousfield arrived from England and became the first Bishop of Pretoria. He had a family of eight and also brought two clergymen to start the Pretoria Diocese. On All Saints Day 1882, Bishop Bousfield consecrated the new building as his Cathedral Church. The illustration in this article is of Bishop Bousfield, who was incidentally most unhappy on a horse.

At the beginning of the present century, with the further development of the Diocese, it was found necessary to prepare plans for a new Cathedral. Sir Herbert Baker, the well-known architect, was commissioned for this work and he designed a building of great majesty and beauty. The Cathedral as seen today stands on the site of the former building but, with the exception of the Chancel and Sanctuary, is much modified from Sir Herbert's original design.

## The Sanctuary and Chancel

As a commencement to Sir Herbert Baker's project the Sanctuary and Chancel were the first parts to be built.

The Foundation Stone was laid by Lord Selborne in July 1908. This stone can easily be located in the outside wall at the East End of the Chancel. The Sanctuary and Chancel were consecrated on Easter Monday 1909 by Bishop William Marlborough Carter, second Bishop of Pretoria.

Sir Herbert Baker is reputed to have declared this part of the Cathedral to be the finest amongst his church work in South Africa.

The High Altar is of Pre-Reformation design and constructed entirely of stone. Possibly this is the only example of a stone-built altar in any of South Africa's Anglican churches.

An interesting story concerns the six candlesticks on the high altar of St. Alban's Cathedral, Pretoria.

They are of Renaissance design and apparently Italian in origin and adorned a lady's drawing room in Johannesburg at one time. Archdeacon Michael Furse noticed them one day and pointed out that they were clearly ecclesiastical. 'Very well, Mr. Archdeacon' said the lady, 'When you become a bishop, you shall have them'. After his consecration they duly arrived and were given by him to his Cathedral.

Some time later, the Reverend W.E. Gibbons, Rector of the Cathedral Parish, strolling as he was wont, through a shabby old secondhand shop in London, came across to standard candlesticks of precisely the same design. He bought them and the set of eight is now re-united and stands in the sanctuary of the Cathedral.

Immediately above the High Altar is the hanging rood, a memorial to the Very Reverend Julius Gordon, Dean and Rector 1912-1932. At the rear of the rood is the beautiful apse of stone. Over this again is the corona of stained glass windows, the centre one of which depicts our Lord in glory. The windows are framed by the generous proportions of the strong Chancel arch and filter the brilliant Pretoria sunlight.

At the rear of the High Altar, affixed to the East wall, is a brass tablet commemorating the gift to the Cathedral by Mr. J.W. Mogg and his children in November of 1910 of the three central windows in memory of Agnes E.J. Mogg who died on 28 July, 1897.

The Canons' Stalls and Choir Stalls are a memorial to the Very Reverend J.G. Weatherston, Dean 1962-1964.

There are memorials on pillars in the Chancel to Jane Diana Furse, daughter of Bishop Michael 1909-1920, Bolton Furse and Cecil Mary Talbot, wife of Bishop Neville Stuart Talbot.

Our 'Canterbury Cross' is affixed to the North pillar at the entrance to the Chancel.

The Bishop's Throne, of modern design and bearing the Coat of Arms of the Diocese, is situated on the North side of the sanctuary.

## **The Nave**

The Cathedral was completed in 1957 by the building of the present Nave, Vestries, the Cloisters, a Hall and Diocesan Offices, to a new design by Mr. E.W.N. Mallows, the son of Baker's friend. The Cathedral was consecrated in 1966.

During the building of the Nave nearly all the Cathedral's furnishings and many of its treasures and records were destroyed by a disastrous fire which gutted the old Parish Hall in which they had been stored.

On the North wall of the Nave are four modern stained glass windows, the work of the South African artist Leo Theron. From the West these represent:

1. St. John the Baptist pointing to the Christ child in the next window;
2. The Virgin Mary with our Lord;
3. The Risen Christ;
4. St. Joseph.

The Font is of traditional design and replaces the original one destroyed in the fire.

The brass Lectern is in memory of the Reverend George Dennis Webster, a former Priest and first Chaplain to Bishop Bousfield. He died on 12 June 1884 aged 37 years.

## **The Lady Chapel**

The Blessed Sacrament is reserved in the Lady Chapel. The Chapel was built at the same time as the Sanctuary and Chancel.

The stained glass window above the altar is in memory of Lionel Collingwood Needham who was killed in action at Delville Wood on 18 July, 1916.

Recessed in the North wall are three bronze tablets commemorating the Officers, Non-Commissioned Officers and men of the South African Constabulary who lost their lives while serving in the Transvaal between 22 October 1900 and 30 June 1908.

The copper candlesticks and figure of our Lord in Glory were presented by St. Mary's Diocesan School for Girls, together with a Tabernacle, which was later stolen and replaced by the present one.

On the North wall also are three coloured glass windows. These are recent gifts. From the West they depict: St. Francis, The Blessed Virgin Mary and the Angel Gabriel. The first two are in memory of Doreen Dolan (a former Chorister and Sunday School teacher) and the third window is in memory of Dolphus Samuel Scrooby and Olive Garforth Scrooby.

The Sanctuary Lamp is in memory of Mary Noel Gordon, the wife of Dean Julius Gordon.

## **The Martyrs Chapel**

Dedicated to the South African Martyrs, this Chapel was built at the time of the present Nave in 1956, out of funds bequeathed by Dean Julius Gordon.

The beautiful Altar Cross, of brass, was made by Princess Louise Augusta and presented by her to the Cathedral. The enamel work was by Princess Louise of Argyle. At the base of the Cross is the inscription: 'TO THE DEATHLESS MEMORY OF CHRISTIAN VICTOR, PRINCE OF SCHLESWIG HOLSTEIN AND ALL WHO, LIKE HIM, LAID DOWN THEIR LIVES FOR SOUTH AFRICA 1899-1902. The Prince's grave is in the Old Cemetery in Church Street West. He was a grandson of Queen Victoria and the Queen had expressed the wish that the Prince should rest along with his comrades in South Africa.

The two ledger stones set in the floor of the Sanctuary are in memory of former Deans of the Cathedral: Jack Weatherston (1961-1964) and Patrick Hogg (1974).

Saint Alban is depicted in a stained glass window situated in the East wall between the Sanctuary and the Martyrs Chapel. The window is in memory of 2nd Lieut. Eric Anthony Ponting later killed in action at Mauer Johore State, Malaya, on 16 January 1942.

### **The Cathedral Bell**

This is located in a concrete turret outside the Cathedral on the North-west side. The Bell is in memory of Mary Elizabeth Bamber, who died in August 1927.

### **The Organ**

The present Organ was dedicated and opened on 27 January, 1958. Built by The South African Organ Builders it replaced the former Bevington Organ, presented to the Cathedral in 1885 by Mr. H.W. Struben.

### **The Cloisters**

The Cloisters are situated on the South side of the Cathedral and their setting affords a sanctuary of quiet rest and meditation for those who desire to leave for a short while the hustle and rustle of city life.

Mounted on the walls of the Cloisters are a number of memorial plaques. These were originally in the Nave of the old Cathedral.

Addendum, with thanks to Arthur Payne.

The Bishops of the Diocese of Pretoria are up to date:

1. Bishop Henry Brougham Bousfield 1878-1902
2. Bishop B. Carter 1902-1909, formerly Bishop of Zululand 1891-1902
3. Reverend Michael Bolton Furse 1909-1920
4. Reverend Neville Talbot who was associated with Lochtt 1920-1932
5. Reverend Wilfred Parker 1932-1951
6. Reverend Robert Selby Taylor 1951-1959
7. Reverend Knopp Fisher 1959-1975



*Drawing of BISHOP HENRY B. BOUSFIELD as a Horseman*

8. Reverend Michael Nuttal 1975-1982
9. Reverend Richard Ansten Kroft from 1982

Supplied by Decil Maguire, member of Old Pretoria Society, 3 September 1984.

## THE OLD CEMETERY IN PRETORIA (2)

by T.E. Andrews

The foregoing issue of *Pretoriania* Nr. 85, March 1984, contained a reprint of the first 14 pages of the publication *Pioneer Sketches* by Mr. T.E. Andrews, member of the Board of our Society. He offers short biographies of well-known and lesser known persons buried in the Old Cemetery on Church Street West in Pretoria. We continue with the reprinting of these biographies and thank Mr. Andrews for his kind permission to do this. I have added some particulars to the biographies of Mr. W.A. de Rapper and Captain Elliott.

*The editor, C. de Jong*

### Celliers Family

The Celliers family left footprints in many spheres of Pretoria's history. Johannes François, born at Wellington, C.P. in 1839, was invited by President T.F. Burgers to start a pro-government newspaper in Pretoria which he did, and the first edition of *De Volksstem* was printed in August 1873. After the War of 1880-81 he represented Bloemhof in the Volksraad and from 1888 represented De Kaap and Barberton. He died from a stroke in Johannesburg during an election campaign on the 4th March, 1895. His wife Magdalena died before him in 1889 and both rest in the same plot.

J.F.E. (Jan), the poet, was his son, also born at Wellington in 1865. He tried his hand as a surveyor, then joined the Education Department. He married in 1894 and became State Librarian a year later. Jan was in Pretoria when it fell to the British in 1900, he escaped dressed in his wife's clothes. He established the wellknown Afrikaans magazine *Die Brandwag* in 1909 and he contributed poetry and prose which lives on in many publications. His love of country and simple things around him are shown in his works.

Jan Celliers, like his father, died in Johannesburg on 1st July, 1940, his body was returned to his favourite town, Pretoria, for burial beside his wife Susanna in a family plot.

J.D. (Jacobus Daniël - Japie), established himself in Pretoria soon after gold was discovered in Johannesburg in 1886, and became marketmaster in 1887. 'J.D.' lived at Myrtle Lodge, in a street named after him in Sunnyside.

In 1888 he planted two Jacaranda seedlings in his garden, the first in Pretoria. Sunnyside Primary School now occupies the site of his homestead and the two Jacarandas still stand bearing a plaque.

## Clary: Susan Miller

In 1918 A.E. Adriani wrote: '*Op het oude kerkhof te Pretoria links van de hoofdingang is een eenvoudig graf, door een hek omgeven en door het dichte geboomte beschaduwd. Het plekje is slechts aan weinigen bekend, en het groepje jongemeisjes, dat zich op zekere Maandagmiddag in de maand Maart 1899 daarheen begeeft, heeft enige moeite het te vinden. Eerbiedig worden de meegebrachte kransen en bloemen neergelegd, en de meisjes scharen zich met hun onderwijzères rondom het hekje en lezen het opschrift op de steen, aan het hoofdeinde opgericht.*'

Briefly: 'In 1918 A.E. Adriani wrote: 'In the old cemetery left of the main entrance, unknown to many, lies a simple grave under the shade of some trees.'

On a certain Monday morning in March 1899, a group of (school) girls with their teacher laid wreaths and flowers on the grave as a mark of respect and commemoration, reading the following lines engraved on the tombstone'.

Sacred to the memory of Susan Miller  
Clary, born in Conway Mass, March, 5  
1878. Blessed are the dead which die  
in the Lord; and their works do  
follow them.

And on the other side of the stone:

A teacher for fourteen years in Mount-Holyoake Seminary. She came to Pretoria in November 1877 to found a similar institution.

The grave is no longer railed in and the bushes have been cleared.

In her diary (a copy of which is in Dr. Jan Ploeger's library) dated 7 November 1877 she writes '*My long journey is over. The many wishes of my friends that it might be safe and pleasant have been fulfilled. I will not speak of my first impressions of Pretoria, except to say that they are pleasant ones.*'

*'Mr. and Mrs. Bosman (which see) are exceedingly kind and very enthusiastic about the seminary. One of Mr. Bosman's first remarks was 'The most important thing that remains to be decided is the name.' All manifested the great pleasure with the name affixed upon'.*

*'The building is not yet commenced. According to Mr. Murray's urgent advice, the matter was left till our arrival. It is to cost 150 000 dollars'.*

*'I have been upon the site which is half a mile from the parsonage. There is a hill back of it, which of course was named Prospect Hill. Next Monday, Miss Ruggles and I are to open a school in the Church, boarding at Mrs. Bosman's .....*

It is of interest to record, that the tombstone adorning Miss Clary's grave was made and shipped from her hometown in America.

## **Cordua H.**

Hans Cordua came from Germany in 1896 and on the outbreak of the Anglo-Boer War of 1899 volunteered and served as a staff officer in the Boer Artillery.

On the occupation of Pretoria, Cordua surrendered and after taking the Oath of Allegiance to the British became involved in a conspiracy to seize Lord Roberts and hand him over to the commandos and to shoot all British officers stationed in Pretoria.

The plot was discovered and the leaders arrested. Cordua's trial was conducted in a military court housed in the Second Raadsaal. Cordua, says one writer, '*impressed me as being very much a visionary; a young man, 23 years of age, who would court popularity in almost any cause. The influences about him were undoubtedly bad, and the idea of making 'Europe stagger' at his great attempt had no doubt thoroughly possessed him*'.

The findings of the court was guilty and the sentence severe:

'For being found wearing the uniform  
of a British soldier in time of war  
in the enemy's country - DEATH

'For breaking his oath of parole - DEATH

'For conspiring with others to seize  
persons of certain British  
Officers - DEATH

The other supposed leaders were found not guilty, and deported to prisoner of war camps in the Cape Province.

Cordua was executed by firing squad in the prison grounds on the 24th August 1900. Captain Borchard, the Court Usher remarked, '*He bore it bravely, he admitted the justice of the sentence, and walked across the prison yard to the place of execution, and faced it like a man*'.

## **Coster H.J.**

Hermanus Jacob Coster, born at Alkmaar, Netherlands, on 30 June 1865. Died 21st October, 1899.

In 1891 Coster was practising as an advocate and on Edwald Esselen's resignation in 1895 succeeded him as State Attorney, resigning two years later because of a dispute with President Kruger.

When the war broke out in 1899 he was instrumental in raising the Hollander Corps and served under Commandant Jan Lombard.

On Saturday, 21st October, 1900 the Corps under General J.H.M. Kock's command stood against the forces of General French at Elandslaagte. French lost 50 dead and 213 wounded as against the Boer losses of 45 dead which included two Johannesburg English speaking men, a German Count, Von Zeppelin, and Coster. General Kock was also wounded at this battle and died a few days later in a British hospital at Ladysmith.

Coster was State Prosecutor at the Jameson Raiders/Reformer trial held in the Market Hall in 1896.

Lt. Dr. H.J. Coster was re-interred in Church Street Cemetery on the 11th December, 1961.

### **De Rapper, W.A.**

Wilhelm Alexander de Rapper, born in the Netherlands in 1841, found his last resting place here in Pretoria in 1912 alongside his wife who died some eleven years before him.

Wilhelm was a building contractor who erected many homes throughout Pretoria, especially in Sunnyside where he lived and had a street called after him until it was closed for inclusion in the Sanlam complex.

His talent as an architect and builder can be seen in what is left of his home on the corner of Park and Troye Streets, now occupied by the old wing of the Arcadia Nursing Home which bears a foundation stone laid by him.

In 1913, Mr. J. de Rapper, a member of the family, was living at No. 20 De Rapper Street.

Addendum by C. de Jong

W.A. de Rapper probably was the builder of the house 62 Rissik Street, constructed in 1898 for two engineers of the Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), A. Westenberg en C. van der Made. Though the builder is not known, the style resembles very much that of houses of which De Rapper is known to be the constructor. Later the house was called 'Mea Vota' (My Desire), at present 'NZASM Remembrance House'.

### **Devereux (brothers)**

President M.W. Pretorius had Pretoria 'dorp' laid out from plans submitted by Visagie, Skinner and Devereux brothers on portions of the farms Elandspoort and Daspoort that he had purchased from Prinsloo and Van der Walt, who lent their names to streets in the city centre and from a combination of the two gave the name Waltloo to an industrial section near Silverton.

Article 144 of 27 September 1860 records a resolution which confirms that His Honour M.W. Pretorius gives transfer to the Government of the Z.A. Republiek, the half of the farm Daspoort and the half of the farm Elandspoort - the part of the present town bordered by Du Toit, Potgieter, The Apies in the North, with the exception of J.J. Prinsloo's property (Prinzhof Estate at the Northern end of Prinsloo Street - Ed).

Edward Lewis (or Louis) and Lionel Devereux were builders who came from England in 1850 with William Skinner and settled in Natal where they met Andries Pretorius, who encouraged them to ply their trade in the newly created Transvaal. Their first contract was to build a house for the Hero of Blood River, at Grootplaats, also known as Rust de Ouden, now covered by the waters of the Hartbeespoort Dam.

The trio (including Skinner) erected the first Church on the Square in 1854 and the reconstruction of the second Church, and possibly and still in partnership erected the first Raadsaal.

Lewis Devereux lies buried in the 'Skinner plot', dying of a broken heart - it is said. No record is found as to what became of his brother.

### **De Villiers, T.N.**

Tielman Niewoud De Villiers started life as a transport rider on the Diamond Fields. He settled in Pretoria in 1869 as one of the town's pioneer lawyers. He represented Bloemhof in the Volksraad and was a founder member of the Pretoria Club in 1885; De Villiers was a member of the first Pretoria Agriculture Society and Chairman of the Temporary Town Council established in 1897.

A director of companies, he owned much property throughout the Transvaal. His home was 'Belle Ombre Estate' in Boom Street, extending westwards from Paul Kruger Street (Marktstraat) towards Schoolplaats Mission, where the bus-sheds are now sited.

Tielman was also a sports pioneer. R.T.N. James recalled; '*well do I remember looking on at a cricket contest on the Square, when the Revs. Weavind (Wesleyan) and Law (C of E) wielded the willow in friendly contest while Mr. Hans M. and T.N. de Villiers would shout 'how's that, Umpire,' to an L.b.w. by P.J.M.'*'

The dramatic execution in marble of his dying son Desirée on the Natal Battlefield is symbolic.

This youth, one of many hundreds, served in the Burger forces during the Second Anglo-Boer War, a fine memorial to a son who laid down his life for his country.

### **De Vogel, J.A.**

De Vogel came to the Transvaal and married a niece of ds. A.J. Begemann. He was Landdrost of Wakkerstroom and in 1885 became Postmaster-General in Pretoria. His home stood on the site of the Residensie Hotel recently demolished in Schoeman Street, off Paul Kruger Street.

Jan Adam de Vogel with his eight year old son and a Miss Webb, a school teacher, drowned when the stage coach they were travelling in on their return to Pretoria from an inspection at Potchefstroom, overturned at Muldersdrift by a sudden flash-flood.

De Vogel gave the name to 'Signal Hill' above the railway station that we today call Salvokop and Timeball Hill.

De Vogel devised a scheme of advising the locals of the valley of what mail had arrived by using signals. When the Kimberley mail arrived, he hoisted a large ball to the top of a tall mast erected for this purpose. A ball and a drum signified that the Kimberley and English mail was on hand. A cone at the top of the mast informed the people that the Natal mail was on hand.

## Du Preez

The Du Preez family graves are enclosed in a section of the cemetery known as Du Preez Hoek, the name commemorating the family on whose farm, Pretoria's first burial ground was established. This burial area was near Fountains, bordered by Willows Road and the railway embankment.

Jan (Diknek) du Preez, one of Pretoria's earliest settlers, lived here with his wife Maria, daughter of Andries van der Walt, who left his name to a street in the city centre.

The family cemetery was established on the western bank of the Apies stream and was also used for the burial of other inhabitants of early Pretoria. It is thought that Dr. Gerard Rissik, founder of the family in the Transvaal, was buried there without a tombstone. Robert Lys, pioneer Englishman, is said to have been the last person to be buried there in August 1880, but Maria, Diknek's wife, died in 1881, and we can assume that she was buried in the family plot.

It is said that the remains of those interred there were transferred to its present site after the 'Boer War', this must refer to the War of 1880/81, as it is generally accepted that the interment took place when the railway line to Lourenço Marques was being built and the graves removed for the construction of what was then, the only curved bridge in South Africa. The Western arch of the original bridge over the stream still exists, but is due to be demolished when the dual-roadway is completed.

## Elliot, Capt J.M.

'In loving memory of Captain  
John Mitchell Elliott, age 37,  
who was killed for Queen and  
Country while crossing the  
Vaal River on 29 December 1880'

Captain Elliott was one of the survivors of the British 94th Regiment under Lt. Co. Anstruther routed at the Battle of Bronkhorstspruit on the 20th December, 1880 while they were en route to support the beleaguered troops in Pretoria.

The survivors were marched off to Heidelberg, the Boer Capital, where some of the prisoners were released on condition that they leave the Transvaal and do not again take up arms during the struggle.

Elliott and Captain Lambert were instructed to leave for the Orange Free State and were escorted to the flooded Vaal River, where they were left to find a fording point.

Two days later still found them on the Transvaal side, when a Boer detachment approached and handed them an official letter accusing them of violating their parole and ordered them to leave immediately or return as Prisoners of War.

The officers explained that the river was running too swiftly, but the eight Boers forced them into the water. Their transport was overturned and, realizing that they would be shot, if they returned, they swam for the opposite bank.

For some unexplained reason, the Boers opened fire killing Captain Elliott. Lambert with bullets spraying about him managed to reach the Orange Free State side.

Elliott was shot on the farm Koffersfontein, Elliott's body was later found lower down the Vaal, bullets had passed through his temple, wrist and leg. He was buried by a farmer and his body was brought to Pretoria on the 25th July, 1881 and buried with full military honours.

Subsequent enquiries by the Boers during and after the war failed to unmask the culprits. It is said that the incident was revived in an episode in Rider Haggard's novel 'Jess', where he places the hero and heroine in the position of the two officers.

#### Addendum by C. de Jong

The murder of Captain J.M. Elliott and the aftermath of this tragedy have been told by Eugène Marais in his essay 'Skaduwee van 'n misdaad (Shadow of a crime)' in *Sketse uit die lewe van mens en dier*, Nasionale Pers, Cape Town etc., 1928, p. 93-114. Marais has written down the story which the Transvaler farmer Hermanus Lombaard told him. He was one of the group of eight burghers who escorted the British Captains Elliott and Lambert to the notorious Liesdrif in the Vaal River with the order to leave the country. There Elliott was shot dead. A British court in Pretoria exonerated the burghers but Lombaard was excepted. He fled and became a hunter in Bechuanaland. During the rest of his long life he roved in Bechuanaland, Transvaal and the Orange Free State. He was always armed and had sworn that he would not be captured alive. Therefore he was generally feared and left alone. He became more than 90 years old.

The tragic incident is also told by Stuart Cloete in his novel *Hill of Doves* (Nguni name is Majuba) and is shown in the film *Majuba* which is based on Cloete's novel.

## VERSLAG VAN DIE HERDENKING VAN KONINGIN WILHELMINA TE PRETORIA IN 1980

Daar het 'n verslag oor die herdenking van die Nederlandse vorstin te Pretoria in 1980 verskyn. Die titel lui: *Ek sal handhaaf (Je maintiendrai), Verslag van die herdenking van Koningin Wilhelmina se geboortedag 31 Augustus 1880 te Pretoria in 1980, opgestel deur C. de Jong in opdrag van die Komitee Koningin Wilhelmina Eeu fees 1980 te Pretoria, uitgegee deur die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika)*', Pretoria 1984, 30 pp. plus 12 afbeeldings. Die verslag gee aandag aan die Wilhelmina-tentoonstelling in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, die vertoning van films oor Wilhelmina se veelbewoë lewe, kransleggings by die Koningin Wilhelminaboom in die Burgerspark - waar Dr. N.A. Coetze namens die Genootskap Oud-Pretoria 'n krans gelé en 'n toespraak gelewer het -, die herdenkingsdiens op 31 Augustus 1980, geleei deur wyle prof. A. van Selms, wie se preek as bylae opgeneem is, die onthulling van die Wilhelminaklip aan die Koningin Wilhelmina-alan in 1982 en die aanbieding van drie verskillende portrette van Wilhelmina en afbeeldings van haar vader, koning Willem III, aan instellings in Pretoria.

Die verslag word gevvolg deur 'n lys van publikasies oor die Koningin wat in Suid-Afrika in 1980 verskyn het, onder meer van Dr. N.A. Coetze, 'Toespraak by die herdenking van die honderdste geboortedag van Koningin Wilhelmina op 30 Augustus 1980 by die Wilhelmina Gedenkboom', in *Pretoriiana* No. 80, November 1980 -, en deur ses bylaes. Die bylaes bevat programma's van herdenkingsbyeenkomste, 'n oorkonde van Suid-Afrikaanse bannelinge in Amsterdam in 1901 aan Wilhelmina by haar huwelik aangebied, 'n vertaling van die 15 strofes van die Nederlandse Volkslied *Wilhelmus van Nassouwe* in Afrikaans, die aanbieding deur Willem III van ontwerpe van 'n wapenskild en vlag aan die Oranje-Vrystaat, die brief van aanbieding van die eerste goud van Barberton aan Willem III deur die Transvaalse regering in 1883 en 'n afdruk van die brief van generaal J.C. Smuts aan Koningin Juliania by haar troonsbestyging in 1948.

### **Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (2)**

### **DIE OU NZASM-GODEREKANTOOR, RAILWAYSTRAAT, PRETORIA**

Die streeue na 'n spoorverbinding met 'n nie-Britsbeheerde hawe was een van die belangrikste faktore in die geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek. So vroeg as 1875 het pres. T.F. Burgers met vaste voorstelle vir 'n spoorverbinding met die Portugees-beheerde Delagoabaai (nou Maputo) gekom, maar die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoornet-Maatschappij (NZASM), belas met die aanleg van die sogenaamde Oosterlyn na Delagoabaai, is eers op 21 Junie 1887 gestig. Verskeie vertragings het egter voorgekom en intussen het die maatskappy met die bou van die sogenaamde Randtram tussen Boksburg en Krugersdorp voortgegaan. Die Randtram is in Februarie 1891 voltooi, 'n jaar nadat met bouwerk aan die Oosterlyn begin is.

Hoewel die NZASM sy hoofkwartier in Pretoria gehad het, is die spoortlyn van Johannesburg na die hoofstad van die ZAR eers in Januarie 1893



*Die voormalige goederekantoor van die NZASM te Pretoria-stasie  
Tans 'n Nasionale Gedenkwaardigheid*

Foto: R.C. de Jong, TPA Museumdiens

geopen, twee jaar vóór die opening van die Oosterlyn. Die NZASM het natuurlik 'n groot aantal geboue in Pretoria laat oprig, soos byvoorbeeld die woonhuise vir spoorwegwerkers in Salvokop, die NZASM-hoofkwartier op die hoek van Minnaar- en die huidige Paul Krugerstraat, sowel as verskeie geboue op die stasiterrein, insluitende wat vandag as die Ou NZASM-goe-derekantoor bekend staan. Die meeste van hierdie geboue is ongelukkig reeds gesloop, met die gevolg dat die Ou Goederekantoor vandag die grootste en beste oorblywende voorbeeld van 'n NZASM-gebou in Pretoria is.

Omdat baie van die NZASM se dokumente óf na Nederland teruggeneem is óf verlore geraak het, is daar maar min oor die individuele NZASM-geboue bekend. Dit is ook die geval met die Ou Goederekantoor. Die gebou is vermoedelik in 1896 opgerig, maar daar bestaan dokumentére bewys dat dit in 1899 reeds bestaan het.

Hierdie simmetriese dubbelverdiepinggebou het 'n staandak en twee eenvoudige tuitgewels, met enkele reliëfversierings op die muurvlak. Die twee oorblywende aansigte is onpretensieus, maar spreek van 'n gedissiplineerde ordelikheid. Die gebou is van aangename verhoudings en adem 'n gees van ou-wêrelde waardigheid. Aan die westekant is die oorblyfsels van 'n perron nog te sien, 'n herinnering aan die feit dat treine destyds tot by die gebou kon beweeg.

Omstreeks 1903, in die tyd van die *Central South African Railways*, het die Ou Goederekantoor die stasie se telegraafkantoor gehuisves.

Weens die bouvallige toestand daarvan, het die destydse SA Spoorweë in 1969 dit oorweeg om die gebou te sloop. Vertoë vir die bewaring daarvan is egter deur die Stigting Simon van der Stel gerig. Hoewel daar toe besluit is om die gebou in trust aan die Stigting oor te dra, het 'n tekort aan kantoorakkommodasie die Spoorweë genoop om dit vir eie gebruik te herstel. Vandag huisves die gebou personeel van die SA Vervoerdienste se Oos-Transvaalse Afdelingsbestuurder.

Die Ou NZASM-goe-derekantoor is in 1981 tot nasionale gedenkwaardigheid verklaar.

(Met dank aan die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Kerkstraat-Oos 698, Arcadia, Pretoria 0083, Tel.: (012) 44-2812 en Posbus 4637, Kaapstad 8000, Tel.: (021) 46-8370)

## **GEDENKTEKENS VIR MINDER BEKENDE PERSONE IN EN OM PRETORIA (1)**

**Ds. Dirk van der Hoff**

**deur C. de Jong**

Aan die noordekant van Jacob Mareestraat in Sentraal-Pretoria, 100 meter ten ooste van Paul Krugerstraat, staan die Dirk van der Hoffgebou, genoem na Dominee Dirk van der Hoff. Dit is in 1959 geopen en gee onderdak aan die administrasie van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en afdeelings daarvan, soos die Sendingsraad, die Diens van barmhartigheid, die argief en die kerkmuseum: twee belangrike instellings vir die geskiedenis van Transvaal. Tot 1983 was daar ook die Pretoriase Conservatorium vir musiek gevestig. Dit is na elders verskuif, behalwe die orrelisopleiding.

Wie was Ds. Dirk van der Hoff?

Hy is gebore te Dordrecht in Nederland in 1814 as seun van 'n winkelier en het in 1833-40 godgeleerdheid in Leiden gestudeer. Omdat hy in Nederland geen beroep as predikant gekry het nie, het hy op aanmoediging van 'n Boerevriend met invloed, professor U.G. Lauts, met sy gade in 1852 na Suid-Afrika geëmigreer. In Kaapstad het hy hom eers by die Nederduitsche Gereformeerde Kerk aangesluit. Hy het na Transvaal gereis en is deur die gemeente daar as eerste permanente predikant in die republiek bevestig. Toe dié gemeente sy eie herder gekry het, het hy kort daarna van die N.G. Kerk afgeskei en hom die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika genoem. Lidmate van die N.G. Kerk het Van der Hoff sy oorgang ernstig verkwaliik. Hy het dan ook meermale met N.G. predikante in Transvaal gebots, onder andere met Ds. J.L. Jooste. 'n Tweede skeuring het in 1859 plaasgevind, toe die Gereformeerdes hulle afgeskei het en die Gereformeerde Kerk onder leiding van 'n ander gebore Nederlander, Ds. Dirk Postma, gestig het. Van der Hoff en Postma het egter altyd goeie vriende gebly.

Ds. Van der Hoff het ervaring gemis toe hy in Transvaal bevestig is, maar hy was 'n hooggewaardeerde prediker en het spoedig getoon dat hy 'n harde werker en uitstekende organisator was. Hy is die grondlegger van die N.H. Kerk in Transvaal - destyds 'n grotendeels onontginde land met baie min blankes, beheers deur swartes en wilde diere. Hy was 'n dominerende, ontroegeeflike persoon en het dikwels in konflikte beland. Hy het ook digterlike talent besit. Hy het met sy broer die Vierkleur ontwerp, wat in 1857 as die vlag van die Zuid-Afrikaansche Republiek aanvaar is, en hy het 'n 'Vlag-gelied' en ander geleentheidsliedere gemaak. Hy is in Potchefstroom op 9 Oktober 1881 oorlede, nadat hy die herstel van Transvaal se onafhanklikheid nog beleef het. Die gebou van die Nederduitsch Hervormde Kerk is tereg na hom genoem om sy nagedagtenis te eer. Ook die Dirk van der Hoffweg in Claremont, Pretoria, waaraan die Voortrekkergrafte van die familie Booyzen geleë is, herinner aan hom.



*Borsbeeld van DS. DIRK VAN DER HOFF in die  
Dirk van der Hoffgebou te Pretoria*

Foto: Nederduitsch Hervormde Kerkargief

# UIT DIE VOORGESKIEDENIS VAN DIE OPRIGTING VAN 'N UNIVERSITEIT TE PRETORIA, 1896-1897

deur J. Ploeger

In 'Ad destinatum, Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria' (Johannesburg 1960), is die eerste hoofstuk gewy aan pogings wat voor 1910 aangewend is om 'n universiteit te Pretoria in die lewe te roep. In Mei 1889 het die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek, en in dieselfde jaar ook die Volksraad, so 'n gedagte uitgespreek, maar pogings om deeglik opgeleide en bevoegde personeel vir 'n Transvaalse universiteit te werf het nie geslaag nie. Op 10 Maart 1899 het hierdie aangeleenthed vir die laaste maal in die Volksraad ter sprake gekom. Die uitbreek van die oorlog het as 'n spelbreker opgetree.

Dit verdien om vermeld te word dat die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in 1896 ook vir Transvalers, Vrystaters en Natallers oopgestel is, dat Transvalers wat hulle verder wou bekwaam, onder meer aan Nederlandse universiteite kon studeer en dat die Transvaalse Volksraad steeds bly aandring het op die handhawing van 'landszonen' teenoor ingevoerde Kapenaars en Nederlanders as onderwysers, amptenare e.d.m. Teen hierdie agtergrond moet die volgende insiggewende korrespondensie van 1896 gesien word.

## 1. Dr. John Brebner se siening

Op 21 Oktober 1896 het die Vrystaatse onderwyshoof, dr. John Brebner, aan sy Transvaalse kollega, dr. N. Mansvelt, geskryf oor 'n gesprek oor universiteitsaangeleenthede wat hy 'n tydjie gelede met Mansvelt en dr. H. Reinink, hoof van die Staatsgimnasium, in die Transvaalse hoofstad gevoer het. Daarna het dr. Brebner volgens sy reeds genoemde skrywe oor heelwat onderwys- en universiteitsaangeleenthede in Suid-Afrika nagedink en tot die volgende konklusie gekom:

a. Die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop voldoen in baie opsigte nie aan die behoeftes van die susterrepublieke nie. Om 'echt Zuid-Afrikaansch' te word moes die reeds genoemde universiteit 'n deeglike hervorming ondergaan. 'n Suid-Afrikaanse universiteit moet as 'n eerste vereiste toeganklik wees vir alle studente in Suid-Afrika' en volgens dr. Brebner was dit nie die geval met die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop nie. Nieteenstaande hierdie beswaar het dr. Brebner hom, indien dit nodig sou word, nie vereenselwig met die stigting van 'n tweede universiteit in 'n dunbevolkte land nie.

'n Verdere beswaar teen so 'n voorneme was dat die blanke bevolking van Suid-Afrika 'aan ééne natie behoort'. Op grond van hierdie besware en met die doel om 'n oplossing te vind vir die rigting van veranderings, waardeur die universiteit te Kaapstad vir die hele blanke Suid-Afrika toeganklik sou word, het dr. Brebner 'n besoek aan die Moederstad gebring en daar steun vir sy denkbeeldige gevind om veranderings en hervormings aan te bring. Volgens hom sou daar met die aanstelling van 'n nuwe universiteitsraad in 1897 vermoedelik 'n nuwe gees heers. Reeds was nuwe voorskrifte in verband met

die matrikulasie-eksamen aanvaar deur die bestaande minimum vereistes te verhoog en die 'ellendige imposisieën' van kennis te bemoeilik.

Met 'n verwysing na 'n beswaar wat dr. Reinink geopper het teen 'n slaagpersentasie van 40, het dr. Brebner aangevoer dat dit onjuis en onbillik sou wees om dié persentasie te verhoog, omdat die vroeë deur vreemde eksaminatore gestel word, terwyl aan die Staatsgimnasium te Pretoria die dosente van die leerlinge met hierdie saak belas was. Verder het die Vrystaatse onderwyshoof gemeen dat dit nie onoorkomlike moeilikhede sou oplewer nie dat die kandidate ooreenkomsdig hulle eie begeerte in Nederlands of Engels ondervra sou word. Eksaminatore uit Bloemfontein en Pretoria sou met die ondervraging wat die kandidate in Nederlands betref, ongetwyfeld hulp kon verleen.

Verder het dr. Brebner geskryf:

*Wij zijn een kleine staat met een klein aantal candidaten en misschien zullen de autoriteiten om die reden niet naar ons luisteren, maar indien de rijke en invloedrijke Zuid-Afrikaansche Republiek met ons samenwerken wil, kunnen wij pressie op de Kaapsche Universiteit uitoefenen, en naar mijn bescheiden oordeel veel nut stichten voor geheel Zuid-Afrika. Vele Afrikaners in de Kaapkolonie zullen zulk een beweging met blijdschap begroeten.<sup>2</sup>*

Dr Brebner het op grond van sy uiteensetting die oordeel van die onderwysmanne te Pretoria gevra en verder 'n praktieser ingerigte matrikulasiekursus bepleit vir dié leerlinge wat na die eksamen hulle op boerdery of handel sou toelê. Hy het in dié verband na die HOOGERE BURGERSCHOOL-opleiding in Nederland en die REALSCHULE se kursus in Duitsland verwys.

## 2. Ondersoek en bevindings (Pretoria)

Die Transvaalse Superintendent van Onderwys, prof. N. Mansveld, het dr. Brebner se brief aan die rektor van die Staatsgimnasium, dr. H.T. Reinink, en sy personeelslede dr. H.G. Breyer, N. Hofmeyr en W.A. Macfadyen voorgelê en hierdie deskundiges versoek om kommentaar op dr. Brebner se denkbeelde te lewer.<sup>3</sup> Op grond van hulle verslae het prof. Mansveld allereers daarop gewys dat dr. Breyer en Reinink in Nederland gebore en aan Nederlandse universiteite opgelei was. Hofmeyr was 'n Suid-Afrikaner wat aan die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop opgelei was, terwyl Macfadyen in Engeland sy studie voltooi het.<sup>4</sup> Al hierdie rapporteurs was van mening dat ookal sou die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in die gees soos deur dr. Brebner geskets, hervorm word, dit vir alle blanke Suid-Afrikaners toeganklik sou wees. Verder was hulle van mening dat dit hoogs bedenklik vir die selfstandige ontwikkeling van die Zuid-Afrikaansche Republiek sou wees. So 'n koers sou tewens onverenigbaar met die geaardheid van die Z.A.R. wees indien die Transvaalse regering die hoogste belang van sy onderwys sou verbind met 'n instelling wat op 'n buitelandse wet gebaseer was. By die totstandkoming van dié wet of in verband met wysiging van hierdie wet is die Z.A.R. nie geraadpleeg nie en sou in die toekoms ook geen medesegengeskap daaroor kry nie.

Verder was die regering gebind aan 'n besluit van die onderwyskommisie wat op 8 Augustus 1895 deur die eerste Volksraad benoem is en waarin

opdrag gegee is om 'n wetsontwerp te publiseer. Hierdie wetsontwerp was bedoel om 'n universiteit te stig ten behoeve van die leerlinge van die Staats-gimnasium wat hulle studie aan die Pretoriase onderwysinrigting voltooi het.

### 3. Dr. Brebner se antwoord

Op 10 Januarie 1897 het dr. Brebner soos volg op bogenoemde skrywe gevraantwoord:

*'Het Afrikaansche volk is één van de Kaapstad tot de Zambezi, met gelijke aspiratiën en behoeften, en de regeering van al die staten is feitelijk in hun handen. Het is niet de Engelsche regeering, die de wetten voor de Universiteit maakt, maar het Kaapsche Parlement; en wanneer, zoodals nu, een Afrikaner geest daarin heerscht, zal de wetgeving in Afrikaanschen zin zijn. Naar mijn bescheiden oordeel is de geest van de onderwijsauthoriteiten te Kaapstad te Engelsch, en die te Pretoria te Hollandsch, en geen van beide echt Afrikaansch, zoodals het behoort te zijn. Zuid-Afrika wordt tweetalig en wordt republikeinsch, en niemand zal dien stroom des tijds kunnen kennen. Ik wou gaarne de medewerking van de Zuid-Afrikaansche Republiek gehad hebben om pressie op de jingo's te Kaapstad uit te oefenen, maar als ik mij niet vergis, zal de nieuwe Universiteits Raad beïield worden met een warmer Afrikaner geest dan tot hiertoe. 'Isolatie is kracht' is, pace Groen van Prinsterer, slechts tijdelijk waar: op den duur is het zwakheid ..... Of schoon onze ideeën verschillen, zijn wij allen verlangend het Afrikaansche volk op te heffen en in het rechte spoor te brengen; en het zal toch een dag gelukken':<sup>5</sup>*

Met hierdie antwoord van 'n Skotse klassikus, Presbiteriaanse leraar en grondleer van die Vrystaatse onderwysstelsel, gebore op 3 Maart 1833 in die distrik Auchinblae en oorlede te Kaapstad op 24 November 1902, is die belangrike korrespondensie - gekenmerk deur 'n diepgaande verskillende en 'n wonderlike vergesig - afgesluit.

#### Verwysings

1. TAB, OD 39, OR 9623/96, Dr. John Brebner - Prof. N. Mansvelt, Bloemfontein, 21 Oktober 1896.
2. Ibid.
3. OR 9623/96, waarin OR 10814/96 (verslag van dr. H.T. Reinink), 19 November 1896; OR 10814/96 (verslag van dr. H.G. Breyer), 20 November 1896; OR 10814/96 (verslag van N. Hofmeyr); OR 10814/96 (verslag van W.A. Macfadyen).
4. OR 9623/96, OR 10814/96. Prof. N. Mansvelt - Dr. John Brebner, 7 Januarie 1897.
5. OR 9623/96, OR 618/97, Dr. J. Brebner - Prof. N. Mansvelt, 19 Januarie 1897. G. Groen van Prinsterer (1801-1876), grondleer van die Christelik Nasionale Onderwys in Nederland, geskiedskrywer, politikus/leier van die Anti-Revolutionaire Partij in Nederland.

## PAUL KRUGER EN DIE ORANJES

deur C. de Jong

In President Kruger se huis aan Kerkstraat-Wes te Pretoria hang 'n groot, omlyste huldeblyk aan die President met in die middel 'n vollengteportret van Koningin Wilhelmina van Nederland. Dit is aan die President oorhandig by sy aankoms as banneling in Nederland in Desember 1900. Blykens die opskrif bo-aan is dit 'n huldeblyk van 'n groep leerlinge van 'n hoërskool vir meisies. Die stadswapen van Amsterdam op die prent verwys na 'n skool in hierdie stad. Aan weerskante van die wapenskild is 'n paar vlâe - die Transvaalse en die Nederlandse - afgebeeld. Die onderskrif is met die hand geskryf en is 'n gedig wat lui:

Wees mij, o God, en mijn arm volk genadig;  
Zoo bad onz' eerste Oranje in bange stervenssmart.  
Wees Kruger en zijn edel heldenvolk genadig!  
Die bêe rijst thans omhoog uit ieder Néerlandsch hart.

Deez' beelt'nis der Vorstin wier hoede U herwaarts leidde,  
Biedt U een meisjesschaar, voor Haar en U ontgloeid.  
O, geve Hij die Néerland eens bevrijdde,  
Dat weldra ook Uw land in vrede en vrijheid bloeit.

Die eerste twee reëls van die gedig verwys na die dood van Willem I, graaf van Nassau en Prins van Oranje (1533-84), vryheidsheld van die Nederlanders in hul stryd teen die oorheersing deur Spanje, die Tagtigjarige oorlog (1568-1648). Sy bynaam is 'Willem die Swyger'. Hy is op 10 Julie 1584 te Delft deur 'n sluipmoordenaar doodgeskiet. Sy laaste woorde was: O God, het medely met my siel en met my arme volk. In 1984 herdenk Nederlanders in Nederland en daarbuite, onder meer in Pretoria, die dood van hul nasionale held 400 jaar gelede.

'n Ander dokument in die Krugerhuis te Pretoria is die kondoleansie-telegram van meegevoel wat Koningin Wilhelmina aan die familie van President Kruger na sy oorlyde te Clarens op 14 Julie 1904 gestuur het. Dit lui:

Kopie. Vanaf Het Loo<sup>1</sup>

Aan familie Paul Kruger, Clarens

Ik betuig U mijn oprechte deelneming  
bij het overlijden van den oud President  
Paul Kruger  
Dat de grootheid van zijn karakter  
en zijne vaderlands liefde ook wederom  
en alom geroemd worden ook<sup>2</sup> U  
en Uwe landgenooten bij dit  
smartelijk verlies tot troost strekken.

(was geteken:) Wilhelmina

- 1) naam van die koninklike paleis te Apeldoorn
- 2) skryffout; waarskynlik moet ons hier lees: moge

## KEN U OMGEWING

Die bygaande twee bydraes oor die damwal van die Hartbeespoortdam is geskryf deur Mn. G.R. Mulder te Schoemansville aan dié dam. Hy was baie jare onderwyser in die omgewing en weet veel van die geskiedenis daarvan. Die Redaksie van *Pretoriania* is verheug dat hy van sy aantekeninge mag publiseer of herpubliseer.

### Hartbeespoortdam se Monument:

Die Dam is gebou gedurende die jare 1921-1924 en die eerste voorbereidingswerke is gedurende Maart 1921 alles weggespoel deur vloedwaters van die Krokodil- en Magaliesriviere. Die werkers was baie teleurgesteld en veral die ingenieur was so moedeloos dat hy sy hoed gevat het en maar padgegee het. 'n Ander ingenieur moes gekry word en hy het moedig die werk aangepak en voltooi.

Baie voorbereidings moes eers getref word voordat werklik met die tonnel en wal begin kon word. Daar moes 'n pad oor Silkaatsnek gemaak word aangesien die ou pad oor Krokodilrivier, waar die water vandag staan, gesluit moes word. Vanaf die huidige polisiestasie moes Scottstraat tot by die tonnel ook gemaak word. 'n Kamp moes opgerig word aan Waterfrontstraat waar die werkers kon woon en verskeie kampe moes ook aan die onderkant van die damwal in gereedheid gebring word. Tydelike skooltjies vir die kinders moes ook in gereedheid gebring word. Elke kamp het sy eie skooltjie, van sink gebou, gehad. In hierdie geboutjies is ook op Sondae kerk gehou, kinders gedoop en Son-dagskoolklasse gegee. Dink nou maar aan al die ongerief in hierdie kampe met hulle tente en sinkgeboutjies tydens reënstorms en die koue wintersdae. Geen wonder dat so baie kindertjies gedurende hierdie dae gesterf het weens omstandighede wat nie verhelp kon word nie. Dokters, verpleegsters en hospitaaldienste was karig en in die meeste gevalle glad nie beskikbaar nie. Jy moes jou maar self verpleeg of sterf. Aaklike toestande waaraan ons vandag glad nie blootgestel is nie, het daagliks in daardie jare geheers. Slegs moed en groot uithouvermoë het die werk aan die dam aan die gang gehou. Ons is dus groot dank en waardering aan hierdie pionierswerkers verskuldig vir hulle byna bomenslike moed en uithouvermoë.

Dis ook interessant om te weet dat slegs Blankes die tonnel en damwal gebou het. Die ossewa, skotskar, slee en kruiwa was so te sê die enigste vervoermiddels. Vanaf Britsstasie is 'n koekepanspoorlyn gebou en met koekepanne is cement, stene en sand na die wal vervoer. Osse, perde, muile en donkies het die koekepanne op die spoorlyn getrek.

Tydens die bou van die dam het VIER manne gesterf in ongelukke - een van hulle by die tonnel en die ander drie toe hulle van die wal afgeval het en noodlottig beseer is. Vir hierdie manne is daar gelukkig 'n MONUMENT nabij die tonnel, aan die voet van die Magaliesberg, deur hulle makkers in 1927 opgerig. Snaaks hoe min mense vandag van hierdie gedenksteen weet. Met die loop van jare het die monument versteek geraak in die bosse en die ergste van alles is dat sekere vandaliste of vernielsugtiges die boonste deel daarvan afgel-

breek het en in stukke verpletter het. Skande. Ook twee gedenkplate is verwyder en verwoes. Een van hierdie plate is gelukkig digby die monument in die gras opgetel. Die opskrif op die plaat lui as volg:

'Deze steen is opgericht voor de arbeiders van  
Hartebeestpoort Irrigatie Werken ter ere van:  
Stobie, Putter, Venter en Dixion  
Die verongelukt zyn in het verrichten van hun arbeid.  
RUST IN VREDE

Van hierdie ou opgetelde plaat het die Rapportryerskorps van Brits 'n mooi koperplaat-afdruk laat maak. Baie dankie aan die Korps.

Die Rapportryerskorps van WESMOOT het vanjaar aan die werk gespring en die MONUMENT weer baie mooi gerestoureer. Die beskadigde dele is mooi vervang en die Koperplaat is op sy oorspronklike plek weer aangebring. Die Korps is trots daarop dat dit gedoen kon word en dat die MONUMENT so in ere herstel kon word ter nagedagtenis aan hulle wat hulle lewe opgeoffer het vir die bou van die Hartbeespoortdam. Die hoop word dringend gekoester dat die Gedenksteen deur die Republiek se inwoners en nageslagte in goeie toestand bewaar sal word. Die struiken en bome om die monument is in so 'n mate verwyder dat verbygangers dit nou van die hoofweg af kan sien. Twintig meter wes van die monument kan met 'n voetpad uitgeklim word teen die Magaliesberg om tot daar te kom en dit van naby te besigtig. 'n Wegwyser is ook aangebring sodat die publiek maklik daar kan uitkom.

Behalwe hierdie monument, is Schoemansville se inwoners gelukkig om 'n hele aantal gedenkstene in hulle omgewing te hé. Ek noem onder andere die volgende: Die kruis op die koppie by Saartjiesnek; die Herbegraafplaas-gedenksteen; die graf van wyle Johan Schoeman, stigter van die dorp Schoemansville; die ou Boere-Engelse-oorlogsforte by Kommandonek; die gedenksteen aan Waterfrontstraat se begraafplaas waar die dooies van die kamp tydens die bou van die dam vandag rus. 'n Ware geskiedkundige plek die Schoemansville. Dan praat ons nie eers van al die avonture en ervarings van baie, baie vistermanne, en die skibootkompetisies, verdrinkings, hengelkompetisies, bootreise, roeibote en pragtige vakansie- en ontspanningsplekke nie. Geen wonder dat ons hier gedurende naweke en vakansietye toegesak word deur die ou mensdom nie. Ons versoek net asseblief dat ons omgewing met al sy interessanthede ongeskonde bewaar sal bly. Dankie.

*G.R. Mulder, Schoemansville*

### Hartbeespoort se Damwalkoepel<sup>1</sup>

'n Mens wonder hoeveel mense al oor die Damwal geloop of gery het? Maar het u al ooit die inskripsies opgemerk wat bo-aan die Koepel, wat oor die

Wal span, aangebring is tydens die bou van die Wal? Die inskripsies is aan die Ooste- en Westekant aangebring in Latyn. Die inskripsie aan die Oostekant lees in Latyn as volg:

**DEDI IN DESERTO AQUAS PLUMINA IN INVIO**

Dis die Latynse weergawe van Jesaja 44: 3 en lees as volg in die Bybel: '*Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond*'.

Aan de westekant van die Koepel is die volgende inskripsie:

**SINE AQUA ARIDA AC MISERA AGRI CULTURA**


Die betekenis hiervan is min of meer as volg: 'Sonder water is die Boerdery maar droog en ellendig'.

Die waarheid van hierdie inskripsies is seker al deeglik bewys met die loop van jare.

Weet u dat die plan om 'n Dam by Hartbeespoort te bou alreeds in President KRUGER se tyd in die vorige eeu ontstaan het? Maar die Anglo-Boere-Oorlog van 1899-1902, die armoede en ellende daarna, die Unifikasié in 1910 en toe weer die eerste Wêreld Oorlog van 1914-1918 met die tragedie van die REBELLIE in 1915 het veroorsaak dat die bou van die Dam eers in 1920 kon begin.

Die Oos- en Weskanale is eers baie jare later, so laat as 1930, voltooi. En weet u dat die koste van die kanale veel meer was as die Wal self? Met graaf, kielpik en kruiba is hulle deur Blanke Arbeid gegrave. Die Voorman of 'Ganger' soos hy destyds genoem was, was mnr. J.A. NEL. Nadat die kanale voltooi was, het hy die eerste Waterfiskaal van die GELUK nedersetting geword en het dit gebly vir die res van sy lewe. Honderde Blankes het tydens die bou van die Wal en Kanale uitkoms in die Hande-arbeid gevind teen 35 sent per dag. Maar hulle sweet het nie verniet vir die nakomelinge getap nie. Die inskripsies op die Damkoepel het bewaarheid geword.

1. Dit is die gedenkboog oor die pad op die damwal wat die vorm van 'n ou Romeinse triomfboog het; Romeinse keisers het graag so 'n boog opgerig om hul oorwinnings in herinnering te hou - redakteur.



*Damwal van die Hartbeespoortdam en die  
Gedenkboog oor die pad op die Damwal*

Foto: C. de Jong, 1964



VICTORIA DRUKKERY PRETORIA